# Hoofstuk 3

## Breë oorsig oor redes vir die wekroep tot verandering in die briewe aan die Romeine en Efesiërs, asook 'n kort Openbaringshistoriese ondersoek na verandering in die Bybel as geheel gesien

### 3.1 Inleiding

In hoofstuk 2 is 'n dieptestudie van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 onderneem ten einde sleutelbegrippe te definieer en ondersoek in te stel na die kwessies rondom verandering aan die hand van gemelde twee teksverse. Die feit dat die oproep tot verandering in dié twee briewe gedoen word, dui stellig daarop dat bepaalde omstandighede in die gemeente van Rome, asook in die gemeentes aan wie die brief van Efesiërs gerig is, moes geheers het wat só 'n wekroep genoodsaak en geregverdig het. Anders gestel: dat lidmate blootgestel was aan ekstrinsieke verandering wat hulle moes hanteer en aanvaar waarvoor intrinsieke verandering by hulle moes plaasvind. In die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk sal ondersoek gedoen word om vas te stel wát die moontlike rede(s) vir dié oproep kon wees.

Dit moet egter allereers pertinent gestel word dat hierdie studie nie van die veronderstelling uitgaan dat dié opdrag tot verandering en vernuwing van denke slegs in die briewe aan die Romeine en Efesiërs voorkom nie. Slegs hierdie twee briewe is egter vir die studie gekies, met die gevolg dat die moontlike rede(s) vir die oproep tot verandering en vernuwing ook net in dié twee briewe gesoek gaan word. *Μεταμορφουσθε* kom immers vier maal in die Nuwe Testament voor (vergelyk 2.3.2 op p. 26) en *ανακαινώσει* kom ook nie net in Efesiërs voor nie. Die twee begrippe is egter in hulle breë verband eksegeties omskryf.

In die laaste helfte van hierdie hoofstuk gaan daar kortliks vanuit die Openbaringshistoriese raamwerk gefokus word op bepaalde momente van verandering wat in die Bybel opgeteken staan, asook op die betrokke persone se reaksie op hierdie momente. In laasgenoemde ondersoek sal daar gefokus word op sekere Bybelse figure wat aan veranderinge onderwerp was, op die wyse(s) waarop

hulle die onderskeie veranderinge hanteer het en op die groter invloed wat hierdie veranderinge moontlik op die individue sélf en op die mense rondom hulle gehad het. Ter wille van breë verteenwoordiging sal die keuse van Bybelse figure 'n wye spektrum van persoonlikhede en uiteenlopende omstandighede bestryk.

Die verband tussen die twee dele van hierdie hoofstuk lê daarin dat gemeentes (lidmate of dan groepe mense) eers binne die raamwerk van God se openbaring deur sy Woord tot voordeel van die Kerk van Jesus Christus en tot eer van God tot verandering (wat dan inhou dat daar eers intrinsieke verandering behoort plaas te vind voordat ekstrinsieke verandering na behore hanteer kan word – soos vasgestel in hoofstuk 2) opgeroep word. Die tweede deel fokus op 'n Openbaringshistoriese lyn op individue wat tot voordeel van die Koninkryk van God en tot eer van God prosesse van kentering en/of verandering moes ondergaan en ondergaan het. Anders gestel: die persone moes eers intrinsiek verander, sodat hulle persoonlik ekstrinsiek kon verander en ekstrinsieke veranderinge waarvoor hulle te staan gekom het, van daaruit kon bemeester. Só kan daar hopelik uit die gekose Bybelse figure se lewensverhale iets geleer word van wat dit beteken om gehoor te gee aan die oproep aan gelowiges om te verander en te vernuwe, soos in die twee briewe beskryf word. Hierdie verandering, so sal dit duidelik word, sal eers in die denke (daarom intrinsiek) van die persone moet begin voordat die uiterlike sigbaarheid (ekstrinsieke-persoonlike verandering) in hulle optrede en lewe duidelik kan word.

## 3.2 Die rede vir die opdrag tot verandering in Romeine 12:2

Wanneer dié saak hier aan die orde gestel word, is dit belangrik om in gedagte te hou dat hierdie opdrag tot verandering binne dié gedeelte van die *Brief* val waar gelowiges opgeroep word om 'n dankbaarheidslewe te lei uit erkenning vir die verlossing wat God in Christus vir hulle bewerk het (vergelyk 2.2.1 en 2.2.2). Die verandering waartoe gelowiges opgeroep word, is daarom deel van dankbaarheid wat gestalte behoort te vind in elke gelowige se lewe

uit erkenning vir die genade-openbaring van God se werk tot voordeel van die mens deur Jesus Christus. Verder is dit so dat, in die brief aan die Romeine vanaf hoofstuk 12 tot en met 15:13, daar gefokus word op die lewenswandel van mense wat vanuit hul verlos-wees-in-Jesus leef (Coetzee, 1980: 64-67; Radmacher, Allen & House, 2007: 1 765 en Nygren, 1978: 41). Dit handel in Romeine 12 tot 16 in die eerste plek oor die ekstrinsieke verandering. Iets wat slegs kán as hulle hulself biddend gaan láát verander en hul manier van dink by die nuwe lewe gaan aanpas. Intrinsieke verandering wat sigbaar word in die lewenswyse en optrede van persone.

Paulus se vertrekpunt ten opsigte van die praktiese uitleef van "nuwe" mense deur die verlossing van Jesus Christus, soos hy dit vanaf hoofstuk 12 beskryf, is die geestelike posisie waarin gelowiges hulle bevind op grond van God se verlossingswerk (Van den Brink, Bette & Zwiep, 2006: 4). Hierdie nuwe geestelike leefwyse moet nou hul doen en late bepaal. Dié verlossing, wat Paulus so uitvoerig vanaf hoofstuk 3 tot 11 beskryf, behoort 'n Christen se lewe te vernuwe teenoor God (12:1,2), teenoor medegelowiges (12:2-8) en teenoor die naaste in die breë (12:9-21; 13:8-14) (Van den Brink, Bette & Zwiep, 2006: 5).

Verder is dit nodig om hier uit te wys dat daar reeds wyd gespekuleer is rondom die redes waarom Paulus hierdie brief sou geskryf het (Barrett, 1991: 6). Al dié verskillende redes ten spyt, wys Barrett egter daarop dat daar tóg ook 'n hoë mate van eenstemmigheid onder die outeurs bestaan oor wat dié redes kon gewees het.

Om vas te stel waarom die opdrag **"maar laat God julle verander deur jul denke te vernuwe"** spesifiek tot die lidmate in Rome gekom het, is dit sinvol om by die doel van die skrywe aan die Romeine te begin.

Vosloo en Van Rensburg (2007: 1 723) stel dat daar heelwat redes vir die skryf van dié brief deur Paulus aangedui kan word. Dan verwys hulle na die sendingwerk wat hy in Spanje wou gaan doen en dat hy die brief dus skryf om homself aan die gemeente bekend te

stel. Hy gee daarby 'n kort uiteensetting aan die gemeente deur van hoe hy die evangelie verstaan. Hierdie gedagtegang van Vosloo en Van Rensburg word deur Mohrlang (2007: 6) ondersteun.

Radmacher, Allen en House (2007: 1 764) voer drie redes vir Paulus se skrywe aan dié gemeente aan – 'n gemeente wat hy nog nie eens persoonlik besoek het nie. Volgens hulle was dié drie redes soos volg:

- Hy stel homself aan hulle bekend ter voorbereiding op die besoek wat hy gehoop het om die een of ander tyd aan die Christene in Rome te bring. Hierdie bekendstelling was wel nodig, aangesien Paulus nog aan die lidmate in Rome onbekend was (Barrett, 1991: 6). Daarbenewens het hy gehoop dat hulle hom sou ondersteun en saam met hom sou werk om die verkondiging van die evangelie verder na Spanje toe uit te dra en aldaar te versprei (vergelyk ook Mounce, 1995: 26).
- Hy wil die gelowiges met dié brief in die geloof versterk en aan hulle 'n goed gestruktureerde begronding vir hul geloof deurgee. Die rede vir dié volledige weergawe van sy verstaan van die evangelie is sodat diégene wat sy leer wou verdraai – wat daar maar altyd was – blootgelê en ontmasker kon word (Mounce, 1995: 27).
- Die derde rede is dat Paulus dit duidelik wou maak dat 'n gemeente eensgesind en in harmonie met mekaar moet saamleef, veral omdat die gemeente uit twee hoofgroepe bestaan het, naamlik Christene uit die Jodedom en Christene uit die heidendom afkomstig (vergelyk ook Osborne, 2004: 19).

Paulus spreek in die brief sowel die Christene van Joodse afkoms as die Christene van heidense afkoms aan (Wright, 2002: 407). Die boodskap (soos in hoofstuk 11:11-32 en hoofstuk 15:7-13 vervat) aan albei die groepe in die gemeente is baie duidelik: in die Kerk van die Here moet almal as 'n groot eenheid saamleef en -werk. Paulus wys, volgens Wright (2002: 407), uit dat daar wel adiafora sake is waaroor groepe kon verskil. Dit sou byvoorbeeld praktiese reëlings

behels, soos dat die een groep slegs groente eet, terwyl die ander groep alles eet (in Romeine 14:2-3), wat egter geen invloed op hul gemeenskaplike diens en aanbidding moes hê nie. Dié verskille mog egter geensins daartoe lei dat die eenheid in Christus benadeel word nie. Kom agter dat Paulus hier begrip vir mekaar se verskille oor adiafora sake vra en nie dwang om te verander (hetsy intrinsiek of ekstrinsiek) oor adiafora sake aanmoedig of voorstel nie.

'n Ander saak waaroor daar immer bespiegel word wat die twee groepe, naamlik die Christene uit die Jodedom en die Christene uit die heidendom, betref, was watter een van die twee groepe in die meerderheid was (vergelyk Hendriksen, 1980: 20-22 en Ridderbos, 1959: 6). Daar word nietemin aanvaar dat die Christene uit die heidendom afkomstig in die meerderheid was. 'n Afleiding wat hieruit spruit, is dat laasgenoemde groep hulself bó die groep uit die Jodedom verhef het. Die Christene met die Joodse agtergrond het waarskynlik die gemeente in Rome gestig ná die uitstorting van die Heilige Gees, waarvan ons in Handelinge 2 lees. Dít is mense wat tydens die Pinkster-gebeure tot bekering gekom en daarna na Rome teruggekeer en die gemeente aldaar gestig het (Osborne, 2004: 15). In Handelinge 2:10 word gesuggereer dat daar met die uitstorting van die Heilige Gees Jode en proseliete in Jerusalem was (Reuman, 2003: 1 278). Daarom kan afgelei word dat die Christene van Joodse afkoms van die eerste lidmate en stigters van die Kerk in Rome was – al ís hulle by die skryf van die Romeine-brief blykbaar nie meer in die meerderheid nie.

'n Ander groot gevaar vir hul eenheid en iets wat waarskynlik reeds 'n werklikheid was, was dat die Christene uit die Jodedom op die Christene uit die heidendom kon neersien, en omgekeerd (Hendriksen, 1980: 3). Om hierdie rede word dit een van die kernaspekte wat in die brief aangespreek word, naamlik dat daar géén onderskeid tussen Jood en heiden getref mag word nie, want "dieselfde Here is Here van almal" (Romeine 10:12).

Hierdie verskille en spanning tussen die twee groepe Christene vanuit verskillende agtergronde het in 'n stadium, voordat Paulus die brief aan hulle geskryf het, verdiep. Dié toedrag van sake word toegeskryf aan die feit dat Claudius in 49 ná Christus (Vosloo & Van Rensburg,

1999: 1 452 en Mohrlang, 2007: 7) opdrag gegee het dat alle Jode (en dít het die Christene wat vanuit die Jodedom bekeer is, ingesluit) (vergelyk Osborne, 2004: 15) die stad Rome moes verlaat (Harrison, 2008: 1 888). Die feit dat Christene én Jode uit Rome verban is, dui stellig daarop dat die Kerk toe reeds betreklik stewig gevestig was (Osborne, 2004: 15). Dit het volgens Harrison (2008: 1 888) verder daartoe aanleiding gegee dat die Christene uit die heidendom afkomstig in daardie stadium die leiding onder die gelowiges in Rome oorgeneem het. Dit kon immers nie anders nie. Dit het nóg groter spanning in die hand gewerk nadat die opdrag van Claudius verval en "Joodse" Christene weer na Rome begin terugkeer het, en aangesien integrasie tussen die twee groepe moes begin plaasvind (Reuman, 2003: 1 278).

Die spanning het nóg verder verdiep omdat die "heidense" Christene, wat, soos hierbo uitgewys is, by verre in die meerderheid was, geen erg aan Ou Testamentiese gebruike gehad het nie (waaronder die besnydenis en seremoniële gebruike) (Harrison, 2008: 1 888). Die "Joodse" Christene het weer hierdie aspekte hoog aangeslaan en 'n probleem begin ontwikkel met almal in die gemeente wat nie aan dié gebruike en seremonies wou meedoen nie. Dit verklaar waarskynlik waarom Paulus sake soos die eet van sekere kossoorte en die viering van bepaalde dae in hoofstuk 14:1 tot 15:13 aangespreek het (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 1 452). Hierdie tweespalt onder en uiteenlopende sienswyses van die twee groepe het dit van die uiterste belang gemaak dat daar by almal verandering bewerkstellig moes word en dít veral ten opsigte van die wyse waarop hulle oor mekaar gedink het. Die intrinsieke deel van verandering moes eers in plek kom en dit is iets wat eenvoudig tot eer van God moes gebeur

(hoe oor mekaar gedink word), alvorens die ekstrinsieke verandering (hoe hulle met mekaar gaan saamleef en teenoor mekaar gaan optree) in plek sou kon val. Beide groepe staan daarom voor 'n uitdagende verandering in denke en gedrag. Nogeens word dit duidelik: dwang om ekstrinsieke veranderinge eenvoudig net wedersyds te aanvaar, word hier nie aan die hand gedoen of voorgeskryf nie.

In hoofstuk 11 maan Paulus baie pertinent dat "heidense" Christene nie as "tweederangse" gelowiges beskou moet word nie (Olyott, 1979: 101). Die blote feit dat die Jode reeds vanaf Ou Testamentiese tye deel van God se volk uitmaak, het egter nie beteken dat die "heidense" Christene in God se oë minder belangrik was nie. Die "heidense" Christene word inteendeel (in hoofstuk 11) as 'n "wilde olyf" beskryf wat by die mak olyf ingelyf is, omdat baie Jode Jesus nie as Verlosser wou aanvaar nie (Olyott, 1979: 100). Feit is: of iemand van Joodse of heidense afkoms was, die redding kom slegs vanuit die genade deur die geloof (Barton, 1996: 2 051). Daarom kan Olyott (1979: 101) met vrymoedigheid stel dat *Christian believers, whether they be Jews or gentiles, are the apple of God's eye.*

Nog 'n saak wat verandering van denke (intrinsieke verandering – PF) geverg het, word deur Hendriksen (1980: 3) aangeroer. Daar was naamlik lidmate in Rome wat gemeen het dat, aangesien die verlossing slegs deur genade kom, almal maar kan doen waarvan hulle hou en na eie goeddunke kan handel. Anders gestel: aangesien verlossing nie van goeie werke afhanklik is soos wat Paulus hulle inderdaad geleer het nie, waarom nog enigsins met goeie werke moeite doen? Hierdie denkwyse pas egter glad nie in by 'n dankbaarheidslewe wat op verlossing deur genade geskoei is nie. Daarom was radikale verandering en veral verandering van denke (intrinsieke verandering) uiters belangrik. Om meer spesifiek te wees: in die tweespalt tussen "Joodse" en "heidense" Christene

was veral 'n verandering in hoe hulle oor mekaar gedínk het, van kardinale belang.

Dit behoort ook in gedagte gehou te word dat Rome 'n groot wêreldstad was en daarom aan baie heidense godsdienste, gebruike en invloede blootgestel was, wat natuurlik verklaar waarom Paulus se brief so 'n wye net probeer gooi (Barrett, 1991: 7). Die brief bevat inderdaad sy volle teologie en sy volle siening oor die evangelie, met as onderdeel daarvan dít wat vanaf hoofstuk 12:1 tot 15:13 deurgegee word oor hoe Christene in sulke omstandighede behoort te lewe.

Die vraag kan ook tereg gevra word hoe Paulus dan van dié konflik tussen "Joodse" en "heidense" Christene geweet het, veral in die lig van die feit dat hyself nog nie in Rome was nie. Osborne (2004: 19) wys in antwoord op dié vraag daarop dat Paulus vriende (soos Priscilla en Akwila) gehad het wat in Rome woonagtig en in die gemeente aldaar werksaam was. Hulle sou hom beslis op die hoogte gehou het van alles wat in Rome met die gemeente aan die gebeur was.

Hoewel Mohrlang (2007: 6) inderdaad verwys na die probleme tussen die twee kerngroepe waaruit die gemeente in Rome bestaan het, en dié probleme as een van die redes lys waarom Paulus genoop gevoel het om die brief te skryf, is hy nietemin die mening toegedaan dat hierdie rede by hom ondergeskik was aan sy behoefte om met dié brief die evangelie (Jesus Christus se verlossing) te beklemtoon, asook die waarde daarvan nie alleen vir die Kerk in Rome nie, maar ook vir die Kerk van alle tye. Sy behoefte om op die evangelie klem te lê, sluit egter mooi aan by dít wat hy oor voorgaande probleme te sê gehad het, en laat die kollig op 'n besonderse manier val op die feit dat daar, danksy hierdie einste evangelie en die waarde daarvan vir die Kerk op aarde, meegewerk behoort te word, en dat geen konflik in die Kerk of in 'n gemeente geduld moes word nie. Dit hou in dat hulle as gelowiges nuut en vars oor mekaar sou moes dink en dat niemand se agtergrond ooit

hierdie suiwer denke mag beïnvloed nie. Anders gestel: intrinsiek moes verandering plaasvind sodat dit sigbaar sou word in hulle saamleef in liefde met mekaar. Dat hulle dan vanuit daardie verandering die ekstrinsieke veranderinge waarvoor hulle te staan gekom het, sou aanpak.

## 3.3 Die rede vir die oproep tot verandering in Efesiërs 4:23

Wanneer daar na redes vir Paulus se oproep in Efesiërs 4:23 gesoek word, is dit belangrik om te onthou dat dié vers in die tweede deel van die brief voorkom, waar daar 'n beroep op die gemeentes gedoen word om op sterkte van God se verlossing dankbaarheid te toon in hoe hulle leef en werk (vergelyk 2.2.2.3) – dit wil sê, dat 'n bepaalde leefwyse met ware verlostes vereenselwig word en dat 'n groot deel daarvan behels dat hul denke vernuwe sal wees. Hier word daar soos in die brief aan Romeine ook klem geplaas daarop dat intrinsieke verandering eers moet plaasvind voordat ekstrinsieke verandering die regte aandag sal geniet.

Hierdie dankbaarheidslewe, wat op die *glorious, redemptive grace* (Hendriksen, 1976: 61) berus wat God deur sy Seun aan sy Kerk bewys het, word egter ernstig bedreig deur sondes wat onder die lidmate ingesluip het. Trouens, die Kerk, wat bestem was om 'n sentrum van eenheid vir die vervreemde bevolkingsgroepe van die mensdom te word, ontvang die brief in 'n stadium toe daar 'n wesenlike gevaar bestaan het dat die groot waarheid rondom eenheid besig was om óf vergeet óf geïgnoreer te word (Mitton, 1973: 26). In aansluiting hierby lys Perkins (2000: 363) as een van die redes vir die skryf van die Efesiërs-brief dat die "heidense" Christene deur Paulus aangemoedig word om tot hul nuwe lewenswyse verbonde te bly. Dit het ingesluit dat daar by hulle diensbaarheid aan die Here moes wees, liefde vir medegelowiges en 'n kaliber moraliteit wat hulle as kinders van God sou kenmerk. Daarby moes hulle waak teen verkeerde invloede waaraan hulle blootgestel was en waaraan hulle hulself vroeër oorgegee het. Die

verandering in lewenswyse en-optrede wat reeds by hulle sigbaar was, moes gekoester word.

Muddiman (2001: 15) sluit by dié gedagte van slegte of verkeerde invloede van buite af aan as hy vir Arnold aanhaal, wat op sy beurt daarop wys dat Paulus die brief geskryf het om nuwe Christene uit die heidendom afkomstig te waarsku teen die Hellenisties godsdienstige omgewing, waar misterie, toorkuns, kultusse en astrologie 'n groot rol gespeel het. Gelowiges se gedagtes moet naamlik só vernuwe word en wees dat sulke invloede geen uitwerking meer op hulle het nie. Die intrinsieke verandering moet deeglik geanker bly.

Paulus se belangrikste oogmerk met die brief was dus om klem te lê op die eenheid en eensgesindheid wat daar moes heers tussen Christene uit die Jodedom en dié uit die heidendom afkomstig (Floor, 1995: 19). Volgens Floor was dit egter juis hiér waar die knoop gelê het, en dít terwyl die skeidsmuur tussen die "Joodse" en "heidense" Christene (volgens hoofstuk 2:14) reeds deur die verlossingswerk van Jesus Christus afgebreek is. Of, soos Hendriksen (1976: 62) dit stel, dat sowel Jode as heidene in die *scopus* van die verlossing deur God ingesluit is, en dít op presies dieselfde wyse.

Om te vernuwe en nuut te dink (intrinsiek verander - PF), kom derhalwe as die opdrag én die oplossing om die lidmate te help om hulself uit die greep van verdeeldheid los te maak (De Klerk, 2001: 63). Hoewel Hodge (1994: xxi) beweer dat Paulus hom hoofsaaklik tot die "heidense" Christene rig, stel hy dit tóg dat Paulus die brief, en daarom die wekroep in Efesiërs 4:23, deurgee sodat ál die lidmate in die gemeentes onder leiding van die Heilige Gees in 'n tydvak sal inbeweeg waar die onderskeid tussen Jood en heiden sal verdwyn en 'n gemeente van volledige eenheid tot stand sal kom.

Hoewel die brief dus blykbaar tóg in hoofsaak aan "heidense" Christene gerig is, is Muddiman (2001: 16) daarvan oortuig dat dit verkeerd sou wees om te beweer dat die brief slegs aan dié groep binne die gemeente gerig is. Joodse Christene kon die brief dus met

ewe veel vrug lees, aangesien hulle dan sou agterkom dat Paulus nie sy apostelskap gebruik het om 'n anti-Semitiese vorm van Christenskap te bevorder of te propageer nie. Dit sou moontlike spanning kon voorkom wat net tot nóg groter verdeeldheid sou lei.

Osborne (1997: 23) plaas op sy beurt verdere klem op die eenheid en eensgesindheid wat daar tussen gelowiges en in gemeentes moet bestaan wanneer hy daarop wys dat God nie alleen individue met Homself versoen nie, maar dat Hy Jode en heidene byeengebring het en álle gelowiges daartoe bring om een *holy temple* te word. Om hierdie rede moet *Christian ministry* altyddeur die proses van assimilasie, éénwording en volwassenheid bevorder. Dit geld natuurlik nie alleen die gemeentes wat in die brief aan die Efesiërs aangespreek word nie, maar ook Christelike gemeentes deur al die eeue heen en op alle plekke.

In hierdie eenheid as lede van die liggaam van Jesus Christus moet Jood én heiden insgelyks geestelik bly groei (Bruce, 2008: 1 438), en moet hierdie geestelike groei in die uitleef en nastreef van 'n nuwe moraliteit sigbaar word, soos Paulus dit so sorgvuldig vanaf hoofstuk 4:1 tot 6:9 uitstippel. 'n Belangrike oogmerk van die brief was dus dat Paulus die "Joodse" Christene daartoe wou lei om hul medegelowiges uit die heidendom heelhartig en sonder voorbehoud te aanvaar en só te voorkom dat enigiemand se afkoms skeiding bring (Muddiman, 2001: 17, wat Schmithals ten opsigte van dié punt aanhaal).

Tydens die proses waar daar gewerk word om die eenheid in 'n gemeente en tussen lidmate onderling uit te bou en te versterk, is daar 'n belangrike komponent wat in gedagte gehou moet word. Hodge (1994: xxii) maak die leser op dié komponent bedag as hy stel dat die kerk van daardie bedeling, wat nou wel uit Jode en heidene en lidmate met uiters uiteenlopende agtergronde en gawes bestaan het, tóg (miskien selfs teen alle verwagtinge in) 'n gemeente was wat deur net één Gees vervul was, wat net één Here aangekleef het, wat net één geloof bely het, wat net één hoop en doop gehad het en wat

net één God en Vader gedien het (hoofstuk 4:4-5). Juis dáárom sou geen vorm van verdeeldheid met hierdie gemeente vereenselwig of in hul midde geduld kon word nie.

Die misplaaste geloof wat steeds deur Joodse Christene gehuldig is, naamlik dat 'n man eers besny moes word alvorens hy deel van God se volk geag kon word, het helaas ook onder Joodse Christene in ander gemeentes bly voortleef (Mitton, 1973: 30). Dit het hulle skepties laat staan teenoor gelowiges wat uit die heidendom afkomstig was. Hierteenoor het daar, volgens Mitton (1973: 30-31), 'n wesenlike gevaar bestaan dat die heidense Christene (wat in die meerderheid was) op hul beurt met groot ongeduld die Joodse oorsprong as onbenullig, onvanpas en uitgedien sou afmaak (vergelyk ook Martin, 1991: 5). Die gevaar was dan ook groot dat hierdie sogenaamd "heidense" Christene 'n afsonderlike gemeente sou stig, waarin hulle hulself van die Joodse Christene kon distansieer. Só 'n skeuring sou egter finaal die gordyn laat sak het oor enige vorm van die vroeë Christene se nuutgevonde en duur verworwe eensgesindheid en eenheid – om nie te praat van die onberekenbare skade wat dit die vroeë Kerk van die Here sou berokken nie. Dit volg dus vanselfsprekend dat Paulus se Efesiërs-brief deurspek is met vermanings dat enige ras- of nasionalistiese verdeeldheid binne die Kerk rampspoedig sou wees en reëlreg sou indruis teen alles waarvoor die Kerk in die wêreld wil staan (Mitton, 1973: 31).

Dit blyk ook dat daar 'n verkeerde gesindheid geheers het onder die "heidense" Christene wat die kerk binnegestroom het (Martin, 1991: 5). Hulle het naamlik 'n gemaklike beleid van *laissez faire* gevolg, wat op 'n verdraaide interpretasie van Paulus se onderrig berus het. Dít was uiteraard 'n situasie wat Paulus onverwyld wou regstel, veral omdat dit gerugsteun is deur 'n gesindheid wat nie sou pas by iemand wat sy/haar ou lewe ten gunste van 'n nuwe lewe in Jesus Christus afgelê het nie.

Paulus se brief lê drie sake bloot waarin die "heidense" Christene van hul Joodse eweknieë verskil het in soverre dit hul agtergrond betref (Bruce, 2008: 1 442). **Fisies** het hulle nie die Verbondsteken (besnydenis) vertoon soos die lidmate wat in die Joodse tradisie opgegroei het nie. **Polities** het hulle nooit gedeel in Israel se nasionale of godsdienstige lewe nie en daarmee saam ook nooit die voorreg gesmaak om op dié besondere wyse lank reeds 'n hegte band met God te kon smee nie. **Geestelik** was dit eweneens nie vir hulle moontlik om oor so 'n diepgaande kennis van die ware God te kon beskik nie. Die "heidense" Christene moes hulself derhalwe met dié wete versoen dat hulle en die "Joodse" Christene, ondanks al drie hierdie seergevoelde "agterstande", almal saam by God se Kerk ingelyf is en dat ál hierdie verskille danksy hul verlossing in Jesus Christus vir altyd opgehef was.

Paulus rig ook sy skrywe om te voorkom dat enige valse leer die Kerk ingedra word en só afbreuk doen aan die werk wat hyself daar verrig het (Calvyn, 1979: 6). Volgens Calvyn was hy maar té bewus van die feit dat die lidmate uit die heidendom afkomstig nie die seremoniële wette geken en ook nie die besnydenis verstaan het nie. Aan die ander kant kon die lidmate uit die Jodedom afkomstig onder aanvoering van valse profete die "heidense" lidmate as "onheiliges" beskou het omdat hulle nie besny was of seremoniële wette nagekom het nie. Dit kon die verdeeldheid verder verdiep en sou nie pas by 'n gemeente wat in Christus één moes wees nie.

Harrison (2008: 1 994) wys daarop dat Paulus diep besorg was daaroor dat 'n persepsie in Efese sou posvat dat die "heidense" Christene minderwaardig teenoor die "Joodse" Christene sou wees, of dan dat 'n verkeerde en sondige onderskeid tussen die twee groepe getref sou word bloot omdat hul agtergronde verskil. Die rede vir sy besorgdheid was moontlik óf omdat die "Joodse" Christene teen die "heidense" Christene gediskrimineer het óf omdat die "heidense" Christene moontlik 'n aversie jeens die "Joodse" Christene ontwikkel het. Hoewel die presiese rede mens altyd sal

ontwyk, is dit baie duidelik dat daar wél etniese spanning tussen dié twee groepe Christene aan die oplaai was (Harrison, 2008: 1 995). Dít staan egter in skrille kontras met Paulus se betoog dat almal in Christus één geword het en dat dié eenheid sigbaar in die wêreld uitgeleef moes word.

Floor (1995: 21) plaas ook klem op die uniekheid van die Kerk en bring dit in verband met die Kerk se verbintenis met Christus. Christus is daarin die Hoof van die liggaam, wat ook een is, en wat bestaan uit sowel Christene uit die Jodedom as Christene uit die heidendom.

Verder wys hy daarop dat die brief 'n antwoord bied op 'n wesenlike probleem wat in die gemeentes van Klein-Asië ontstaan het, naamlik die verhouding tussen Jode en heidene. Daarom weerlê Paulus in sy brief die idee onder "Joodse" Christene dat hulle "superieur" en die "heidense" Christene "inferieur" sou wees (Floor, 1995: 21).

Daar moet in gedagte gehou word dat die aanmoediging om te vernuwe, "verpak" is in die beeld van die ou mens "aflê" en die nuwe mens "aantrek" (vergelyk 2.5.2), en dat nie een van dié handelinge kon plaasvind as daar nie eers vernuwing van denke plaasgevind het nie. Daarby sou enige gedagte dat een groep beter as die ander sou wees, nie inpas by die nuwe denke of die nuwe lewe wat onder Christus as Hoof gelewe moes word nie. Veral sou dit nie inpas by wat Paulus in Efesiërs 4:2 deurgee waar hy die lidmate versoek om altyd "beskeie" te wees en "mekaar in liefde" te verdra nie.

Hierbenewens moet in gedagte gehou word dat Paulus, as ons dit breed wil toelig, hierdie brief geskryf het om Christene ongeag hul afkoms te laat besef dat hulle in Christus één is en dat dit hulle moes aanspoor om in hul daaglikse lewe hierdie nuwe geestelike lewe uit te leef (Van den Brink, Bette & Zwiep, 2006: 167). Deel van dié geestelike lewe was dat hulle die eenheid in Christus prakties in die wêreld moes leef en uitleef.

Best (1998: 75) sluit aan by die gedagte dat die brief oor die lewe van Christene in die algemeen handel. Ongeag wat die lidmate se

afkoms was (wat blykbaar na Best se mening 'n groot verskeidenheid agtergronde kon gedek het), hul gedrag teenoor mekaar moes onberispelik wees en hulle moes 'n duidelike eensgesindheid uitstraal.

## 3.4 Samevattende gevoltrekkings oor die oproep tot verandering en vernuwing aan die gemeentes in Rome en Efese/Klein-Asië

Hoewel daar aan die einde van hierdie hoofstuk 'n samevatting volg, is dit nodig om in hierdie stadium 'n paar kernaspekte wat deur die ondersoek tot dusver blootgelê is, onder die soeklig te plaas. Wat vooraf gestel kan word, is dat die oproep tot verandering (hier word dan bedoel sowel intrinsieke as ekstrinsieke-persoonlike verandering) aan die twee groepe waaruit die gemeentes bestaan het, nie as 'n keuse aan hulle deurgegee is nie, maar as 'n opdrag waaraan hulle behoorlik moes aandag gee (vergelyk 2.3.2 en 2.3.3). Dit sou hier alreeds gestel kon word dat dwang om intrinsiek te verander van hart en denke om in lyn te kom met wat die verlos wees in Christus bewerk het, wel verwag kan word.

Daar is ook reeds met 'n redelike mate van sekerheid vasgestel dat die “Joodse” Christene tradisioneel op ander volke neergesien het, veral op die heidene. Dit is dan ook nie vreemd dat die heidene op hul beurt weer negatiewe gevoelens teenoor die Jode gekoester het nie. Só het dit dan gebeur dat dié twee groepe, met hul swaar harte, hul vooroordele en hul ingeburgerde sienings van mekaar, sáám in gemeentes van God te lande gekom het. Albei groepe moes dus eers van dié gevoelens jeens en sienings oor mekaar ontslae raak alvorens hulle mekaar in Christus as gelykes en broers en susters kon aanvaar. Dié intrinsieke verandering was noodsaaklik om werklik één in Jesus te kon word en dit moes die nodige aandag kry, ongeag die impak wat dit op hulle sou hê. Op hierdie wyse moes hulle aan God gehoorsaam word – 'n proses wat in die moderne idioom aan 'n Bybel-begronde verandering gelykgestel sou kon word. Ekstrinsieke verandering waarvoor hulle te staan gekom het, moes volg op die intrinsieke verandering van gedagte en hart.

Belangrik om hier op te merk, is dat die Joodse Christene in dié proses sou moes afstand doen van hul eise dat almal hul tradisies in ere moes hou, ongeag hoe edel daardie tradisies ook al bedoel was. Trouens, hulle sou hul denke moes vernuwe oor 'n groot aantal seremoniële reëls wat in Jesus voltrek is en daarom oorbodig geraak het. Dit sou selfs beskou kon word as iets wat op hulle afgedwing sou moes word, aangesien dit sekerlik nie maklik was om van al daardie eeue-oue gewoontes en gebruike afstand te doen nie. Hier kan seker gestel word dat Paulus die Christene vanuit die Jodedom "toerus" om verandering (hier word ekstrinsieke verandering bedoel - PF) wat op hulle pad gekom het, reg te hanteer.

Dit kom verder na vore dat die oproep tot verandering gerig aan die gelowiges van gemeentes aan wie die twee briewe gerig is, aan gegewe ekstrinsieke veranderings blootgestel was. Vir die doel was dit nodig dat hulle denke en geestelike ingesteldheid jeens mekaar, moes verander (intrinsieke verandering moes plaasvind –PF). Daarom sou dit hier gestel kon word dat die ekstrinsieke veranderings wat 'n werklikheid was die noodsaak geword het vir intrinsieke verandering wat die werk van die Heilige Gees is soos uitgewys is in 2.4.2 en 2.5.2.

## 3.5 'n Kort Openbaringshistoriese oorsig oor tye en prosesse van verandering soos in die Bybel waargeneem – veral toegespits op enkele Bybelse figure

Ongeag die verwagting wat moontlik met die titel van hierdie afdeling geskep is, gaan daar nie met hierdie Openbaringshistoriese ondersoek na tye en prosesse van verandering in die Bybel vir die doeleindes van die onderhawige studie 'n diepte-ondersoek onderneem word nie. Die kort oorsig wat wél gegee gaan word, het bloot ten doel om vas te stel of daar bepaalde kenmerke geïdentifiseer kan word wat sou kon meehelp om norme vir 'n model vir gemeentebou te stel om lidmate vir tye van verandering (intrinsiek, maar meer in besonder ekstrinsiek) en die bestuur van ekstrinsieke verandering te kan toerus. Daar sal vir dié doel in hoofsaak gefokus word op sekere individue waarvan ons in die Bybel

leer, waarna 'n oorsig gegee sal word van die volk Israel se baanrekord wat betref die vermoë om te kan verander.

Die seleksie van Bybelse figure vir bogenoemde doel is willekeurig gedoen, en mens sou sommer kon afskop met Adam en Eva, wie se lewens ingrypende ekstrinsieke verandering kén, en dit dan van 'n posisie van *posse non pecare* tot 'n gegewe van *non posse non pecare*. Só kenmerk ekstrinsieke verandering ook die lewe van Abraham, wat sy familie en land moes agterlaat om na 'n land te trek wat God vir hom sou aanwys (Genesis 12:1). Dawid is nog 'n goeie voorbeeld van iemand wie se lewe aan voortdurende ekstrinsieke verandering onderworpe was, soveel te meer omdat hy sy lewe as 'n rustige skaapwagter begin het, net om later tot koning gekroon te word en in dié hoedanigheid in die een stryd na die ander gewikkel te raak (1 Samuel 16 en die geskiedenis wat daarop volg). Gideon en Simson se lewens was eweneens tekenend van die feit dat God soms sy kinders aan groot omwenteling onderwerp. Hoewel die paar voorgaande figure maar 'n druppel aan die emmer is van Bybelse figure wat ingespan sou kon word om 'n ondersoek na verandering te loods, sou 'n mens tóg met hierdie beperkte seleksie wou volstaan, aangesien die gekose figure goeie prototipes vir ekstrinsieke verandering en die **impak** daarvan op lewens en denke is. Elke keer as hulle voor sodanige ekstrinsieke verandering te staan gekom het, het dit impliseer dat intrinsieke verandering tog wel nodig was.

Interessant genoeg wys Joubert (2007: 83) daarop dat hy nêrens lees dat die Here, waar Hy mense soos Abraham, Moses, Jeremia of Paulus roep om groot veranderings in hul lewens (ekstrinsiek) en denke (intrinsiek) te maak, aan hulle 'n wonderlike nuwe beroepskuif met beter werkvoordele belowe as hulle aan Hom gehoorsaam sou wees nie. Dit wil dus voorkom asof die blote resultaat van hul gehoorsaamheid aan Sy roepstem op sigself beloning genoeg sou wees.

Verder het dit uit soektogte na bronne oor toegespitste studie rondom verandering in die Bybelse konteks en na hoe verandering

figure in die Bybel se lewens beïnvloed het, na vore gekom dat daar, sover vasgestel kon word, geen spesifieke studies gedoen is oor verandering en die impak daarvan op hierdie figure se lewens nie. Dié gebrek aan studies wat spesifiek afgestem is op 'n ondersoek na die wyse waarop verandering Bybelse figure se lewens en denke beïnvloed, sal hopelik in die toekoms aangevul word.

Miskien kan dit tóg interessantheidshalwe hier genoem word dat die woord "verandering", asook variante daarvan, 'n hoë gebruikstempo in die Bybel geniet. Só is daar nie minder nie as elf Hebreeuse en agt Griekse woorde wat in die Afrikaanse Bybel met "verander" vertaal word (Marais, 2008: 1).

Kendall (2005: 31) maak dié interessante opmerking dat as God Sy vinger op iemand lê, dit genoeg is om so 'n persoon, sy/haar familie en kerk en uiteindelik selfs 'n hele nasie of, op die uiterste, die ganse wêreld te verander. Met die verandering word dan bedoel dat intrinsiek verander word wat weer ekstrinsiek en lewenswyse sigbaar sou word. Dit behoort dus interessant te wees om hierdie opmerking te toets aan die Bybelse figure wat vervolgens ondersoek gaan word.

### 3.5.1 Josef (elfde seun van Jakob en eerste seun van Ragel)

As Josef se lewe, of dan minstens 13 jaar daarvan, in 'n neutedop beskryf moes word, sou dit nie onvanpas wees om van 'n lewe van enersyds groot kontraste en andersyds groot veranderinge te praat nie – inderdaad 'n lewe van "*ups and downs*" (Osborne, 1999huhyttt6y: 110)! Van sy gekoesterde en bevoorregte jeugjare, wat (met die moontlike uitsondering van sy broers se afguns) as een lang hoogtepunt beskryf sou kon word, verander sy lewe in 'n ommesientjie in een lang laagtepunt, net om weer ewe skielik 'n ongelooflik positiewe wending te neem. Vosloo en Van Rensburg (1999: 60) gee 'n uiters raak beskrywing van sy lewe as 'n reis "van put tot paleis" wanneer hulle na die gebeure in Eksodus 37:1 tot 41:57 verwys.

Aanvanklik is hy die witbroodjie, die "plakkaatkind vir bedorwe brokkies" (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 61 en Osborne, 1999:

110), iets wat sy broers afgunstig stem (George, 2008: 48). As hy hulle in die veld gaan opsoek om op versoek van Jakob vas te stel hoe dit met hulle gaan (Genesis 37:13), beplan hulle eers om hom dood te maak (Genesis 37:18), maar gooi hulle hom aanvanklik op versoek van Ruben (wat hom eintlik wou red) eers net in 'n put (Genesis 37:21-22). Dan verkoop hulle Josef aan Ismaelitiese handelaars (Genesis 37:27), wat hom weer op hul beurt in Egipte as slaaf aan Potifar verkoop (Genesis 37:36). Die eens bevoorregte kind is nou 'n slaaf in 'n vreemde huis! Hy werk homself egter gou op, sodat hy weer eens in 'n bevoorregte posisie in Potifar se huis aangestel word (Genesis 39:3-6). Ross (2008: 217) stel die moontlikheid dat Josef se vermoë om weer te kon opstaan en tot aan die stuur van Potifar se huishouding te kon vorder, aan God se ingryping te danke was. Hy bly hierdie bevoorregte posisie geniet totdat Potifar se vrou 'n vals klag van seksuele teistering teen hom inbring, en hy weer in die tronk beland (Genesis 39:17-20).

Selfs in die tronk word hy egter vir sy besonderse gawes raakgesien en word hy as hoof oor al die gevangenes aangestel (Genesis 39:22-23). Hiervoor moet hy nogmaals aan God al die eer gee (Ross, 2008: 217). Sy unieke vermoë om drome uit te lê, vestig opnuut die aandag op hom wanneer Farao sy bekende drome droom (Genesis 41:1-7) en hy uit die gevangenis gehaal word om dié drome uit te lê (Genesis 41:25-32). Ongelooflik soos dit mag klink, word Josef uiteindelik as onderkoning van Egipte aangestel (Genesis 41:42-43) (George, 2008: 49).

Alles gebeur egter onder God se hand en Hy skenk aan Josef die gawe om drome uit te lê juis in 'n tyd toe daar baie groot waarde aan drome en hul verklarings geheg is (Alexander & Alexander, 1986: 146). Laasgenoemde skrywers wys verder daarop dat Josef vir die uitlê van Farao se drome slegs op God vertrou het. Hy het in werklikheid ondanks al die veranderinge (hier word ekstrinsieke veranderings bedoel – PF) waaraan hy onderwerp is, hetsy positief of negatief, op God bly vertrou en sy geloof behou, omdat hy vanweë die drome geweet het dat God 'n bepaalde plan met hom het (Ross,

2008: 217). 'n Groot kentering (intrinsieke verandering – PF) vind naamlik ook in sy gees plaas in dié sin dat sy eertydse hoogmoed, wat nie alleen sy broers nie, maar ook sy ouers gegrief het, nou vir nederigheid plek maak. Selfs toe hy as onderkoning gekroon word en daarmee saam groot mag verkry, lees 'n mens nêrens dat hy sy mag misbruik het om wraak te probeer neem nie – nie teenoor sy broers nie (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 65) en ook nie teenoor Potifar en sy vrou vir die onreg wat hulle hom aangedoen het nie. Ross (2008: 227) sien Josef se optrede teenoor sy broers as toetse, en nie as 'n vorm van wraak nie. Hy wou, volgens Ross, vasstel of sy broers ook verander het (verstaan as intrinsieke verandering – PF), want as hulle het, sou hy hulle na Egipte kon laat kom om saam met hom as leiers te kon heers. Juis daarom, wanneer sy broers ná hul vader Jakob se dood weer vrees dat Josef hom op hulle sou wreek, is dit Josef wat in Genesis 50:20 daarop wys dat Gód die pad van lyding tot voordeel van baie mense oor hom gebring het (Wenham, 1994: 493). In terme van hierdie studie sou dit waarskynlik soos volg gestel kon word: God beskik elke verandering (ekstrinsieke veranderings) in Josef se lewe tot voordeel van Sy kinders en in diens van Sy koninkryk. Die ekstrinsieke veranderinge het egter meegewerk dat Josef intrinsiek verander het. Die twee, intrinsiek en ekstrinsiek, is aan mekaar verweef in Josef se geval.

Miskien is dit tog wel belangrik dat 'n saak waarop Mathews (2005: 672) wys, hier na vore gebring word. Hoewel nie met as doel om dít wat positief oor Josef gesê word, te ondergrawe nie, maar om 'n belangrike perspektief oor sy lewe by te haal. Mathews wys naamlik daarop dat selfs in Josef se kontak met sy broers ná jare waarin hy hulle nie gesien het nie, hy steeds 'n vorm van transformasie (intrinsieke verandering) moes ondergaan. Dít illustreer hy met Josef se eis dat Benjamin sy slaaf moes word toe sy silwerbeker in Benjamin se graansak gevind is (nadat Josef sélf opdrag gegee het dat dit daarin versteek moes word, soos in Genesis 44:2 opgeteken staan) en Juda homself bereid verklaar het om sy kleinboet se plek in

te neem (Eksodus 44). Dit is byna asof 'n mens Josef vir 'n wyle kan hoor terughunker na sy kinderjare, toe hy daarvan gedroom het om só oor sy ouers en broers baas te speel. Josef stuit egter in sy spore en kies om eerder positief en volwasse op te tree nadat hy sy broers eers aan hierdie toetse onderwerp het (Zucker, 2003: 37). Zucker wys daarop dat sy optrede daarom inderdaad volledig van vergifnis en versoening getuig, en dat hy homself selfs psigies met sy verlede kon versoen. Anders uitgedruk: sy intrinsieke verandering word ekstrinsiek duidelik.

Daar was dus by Josef 'n duidelike hartsverandering (intrinsieke verandering – PF), wat nét aan die werk van God deur sy Gees toegeskryf kan word. Niks goeds kom immers uit die mens self nie en uit hom-/haarself is geen mens tot iéts in staat nie. Wat wel duidelik is, is dat die pyn wat 'n mens moet verduur, dikwels tot vernuwing lei (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 65). Verder leer ons uit Handelinge 7:9 dat God mét Josef was, hom uit al sy ellende gered en aan hom wysheid geskenk het. Dit alles help 'n mens om te verstaan hoe hy ondanks al die omwentelinge in sy lewe steeds kon groei en sterker word. God het Josef die vermoë gegee om ten spyte van al die veranderinge (hier ekstrinsieke veranderinge bedoel – PF) die regte ding te doen en ondanks onregverdige behandeling steeds geduldig te kon bly (Bruce, 1978: 314). Deur al die ekstrinsieke veranderinge heen het selfs nie eens sy positiewe werk-etiek ooit in die slag gebly nie (George, 2008: 48). Só word Josef uiteindelik, in sy hoedanigheid van onderkoning, die toonbeeld van betroubaarheid en verantwoordelikheid (Van der Watt, 2003: 121). Dit sou seker vir duidelik bygevoeg kan word dat sy intrinsieke verandering (hart en gedagte) goed afgerond is danksy die werk van die Heilige Gees.

Hierdie pad van meedoënlose ekstrinsieke verandering gebruik God as deel van sy Heilsplan om Josef in Egipte te kry, sodat sy werk vandaar tot voordeel van sy volk Israel kan begin. Dit sou tereg 'n "pad van toerusting" genoem kon word. Of, soos Van der Watt

(2003: 120) dit stel, word dít wat in Josef se lewe gebeur, 'n heenwysing van wat later met die volk Israel sou gebeur. Vosloo en Van Rensburg (2007: 72) wys op hul beurt daarop dat juis dié pad van lyding, vernedering en selfs slawerny daartoe gelei het dat Josef van 'n opgeblase, verwaande jongman in 'n verantwoordelike onderkoning verander het. Ekstrinsieke veranderinge in Josef se lewe is dus byna sinoniem met loutering en veredeling. Anders uitgedruk: die ekstrinsieke veranderinge het sy intrinsieke verandering laat vasgroei.

Wat wél duidelik uit Josef se lewe blyk, is dat al tree 'n kind van God reg op en al bly hy/sy op God vertrou, dit nie 'n waarborg is dat swaarkry hom/haar gespaar gaan word nie (Ross, 2008: 208). Dit geld inderdaad ook vir ekstrinsieke veranderinge wanneer 'n positiewe situasie in 'n persoon se lewe in 'n negatiewe situasie omgeskakel word. Met ander woorde: as ekstrinsieke veranderinge waaraan so iemand blootgestel is eintlik sy/haar lewe sou omkrap of nadelig sou raak. Hieruit word verder duidelik dat leiers en mense in die algemeen moet leer om in alle omstandighede (ook alle ekstrinsieke veranderinge waaraan hulle blootgestel mag word – PF) aan God gehoorsaam en getrou te bly (Ross, 2008: 218). Ross (2008: 220) wys daarop dat al die ekstrinsieke veranderinge en vernederings waaraan Josef uitgelewer was, hom nie van sy geloof beroof het nie.

'n Mens kan met 'n redelike mate van sekerheid sê dat Josef deur al dié ekstrinsieke veranderinge heen (en daar word aanvaar dat alles wel onder God se sorg gebeur het) geen **weerstand** probeer bied het nie, in elk geval nie so ver ons uit die Bybel kan wys word nie. Daar sou dus verder aanvaar kon word dat die stoïsynse wyse waarop Josef alles verduur het, ook aan die werk van God deur die Heilige Gees te danke was, soos uitgewys in 'n ondersoek na Romeine 12:2 in hoofstuk 2 van hierdie studie (vergelyk 2.3.2). Dat hierdie ekstrinsieke veranderinge egter 'n **reuse-impak** op sy lewe gehad het, is nie te betwyfel nie.

Die geskiedenis van Josef, sy lydingsweg en die wyse waarop hy deur verskillende prosesse heen in 'n verantwoordelike opperleier verander, leer 'n mens heelparty onskatbare lesse omtrent God se volhardende bemoeienis met elke mens, en dat die ekstrinsieke veranderinge wat Hy oor ons lewens bestel, altyd tot voordeel van nie alleen onsself nie, maar ook tot voordeel van ons naaste is (Brueggemann, 1982: 289).

Ten slotte kan van Josef gesê word dat hy, nes sy pa Jakob, oor die vermoë beskik het om danksy al die ekstrinsieke veranderinge waaraan hy blootgestel is, tot volwassenheid te groei en te transformeer (Zucker, 2003: 33). Hy het, volgens Zucker, daardeur van 'n verwende kind tot 'n regverdige leier ontwikkel – met God se Hand wat bo-oor sy hele lewensverhaal skryf.

Danksy die feit dat God se vinger die hele tyd op Josef gerus het, het die ekstrinsieke veranderinge wat hy ondergaan het, inderdaad nie net vir Josef voordeel meegebring nie, maar ook vir sy hele familie. Trouens, ook sy broers het 'n kentering beleef, en waar hulle aanvanklik vol haat en wraak teenoor Josef geleef het, het hulle in toonbeelde van genade verander, wat hul trots kon sluk en onder Josef se gesag in Egipte kon gaan woon (Kendall, 2005: 187).

In die breë gesien, kan Josef se lewensloop as een lang karaktertoets beskou word aan die hand waarvan hy gehoorsaamheid moes aanleer (Ross, 2008: 211) – inderdaad 'n baie besondere stel omstandighede en ekstrinsieke veranderinge wat hierdie jongman help om uiteindelik in 'n wyse, nederige en regverdige regeerder te ontluik. Die lewe van verandering van Josef sou sekerlik so saamgevat kon word: die ekstrinsieke veranderings wat hy oor dertien jaar beleef het, het meegewerk dat hy intrinsiek verander het. Tog is die ander kant ook waar: die feit dat hy intrinsiek verander het onder die leiding van God, het gemaak dat hy elke ekstrinsieke verandering reg kon hanteer en deurleef.

### 3.5.2 Moses

Moses se lewensverhaal spreek eweneens van 'n stel omwentelinge wat sy lotsbestemming, en uiteindelik ook dié van die volk Israel, ingrypend sou verander. Die eerste hiervan was sy besliste keuse om nie die bevoorregte seun van die Farao te bly nie, maar om eerder saam met die volk waarvan hy eintlik deel was, 'n lydingsweg te betree (Long, 1997: 121 en Lane, 1991: 367). Lane gaan selfs verder as hy verklaar dat die feit dat Moses "die seun van Farao se dogter" genoem word, hom die logiese troonopvolger sou maak (vergelyk ook Craddock, 1998: 140 en Stedenan, 1991: 128). Radmacher, Allen en House (2007: 1 720) onderstreep dié siening as hulle daarop wys dat die Farao aanvanklik nie 'n seun gehad het nie en dat Moses daarom as troonopvolger gereed gemaak is.
Dit beklemtoon die feit dat dié keuse wat Moses maak, een was wat groot opofferings van hom geverg het, of dan 'n groot **impak** op hom gehad het, maar 'n keuse was wat hy nietemin gemaak het. Nog te meer omdat hy vanuit geloof kies om eerder hierdie volk, wat benadeel en verag is, se lot te deel (Thiselton, 2003: 1 474). Hierdie keuse van Moses is 'n pertinente herinnering daaraan dat 'n mens te midde van al die ekstrinsieke veranderinge in jou lewe tóg altyd die voorreg van jou eie, vrye wil geniet (George, 2008: 56). Moses kies dus – die prag, praal en glorie van die destydse Egipte ten spyt – om 'n lid van die onderdrukte, verknegte volk Israel te word.

Die tweede omwenteling ondergaan hy as hy uit Egipte wegvlug en in die woestyn gaan woon wanneer sy moord op 'n Egiptenaar rugbaar word (Eksodus 2:15). Die groot ekstrinsieke verandering hier lê daarin dat hy die lewe in 'n paleis vir die lewe in 'n woestyn verruil. Die derde ekstrinsieke verandering waaraan Moses blootgestel is, tree in werking wanneer die Here hom in die woestyn kom roep om Sy volk uit hul verdrukking en slawerny in Egipte te bevry (Eksodus 3:10). Die laaste groot omwenteling kom waar hy dan as leier eers die Farao konfronteer om die volk te laat uittrek (onder meer in Eksodus 5:1) en hyself dan daarna die volk op hul

uittog tot kort voor die intog in Kanaän lei en voorgaan (Eksodus 12:31).

Dit dien hier vermeld te word dat die skrywer van die brief aan die Hebreërs pertinent stel dat Moses elke fase van dié omwentelinge met en vanuit geloof aanpak (Lane, 1991: 366). Die skrywer beklemtoon die feit dat Moses 'n morele besluit geneem het (Lane, 1991: 368). Sy morele keuse lê deels daarin opgesluit dat hy die genot en vreugde van 'n sawwe lewe as die troonopvolger van Egipte, iets wat maar van korte duur sou wees, vir die swaarkry saam met sy volk verruil het (Thiselton, 2003: 1474), en só kon deel in die vreugde wat Jesus as Verlosser sou bewerk. Hy kon egter slegs hierdie moeilike keuse maak omdat hy bly fokus het op die beloning wat in die hiernamaals op almal wag wat Christus as Here en Verlosser ken en dien (Lane, 1991: 370).
Moses word as't ware as voorbeeld aan gelowiges voorgehou van iemand wat eerder die pad van swaarkry en beproewinge geloop het as om ter wille van tydelike, aardse genot en weelde sy rug op God te draai (Lane, 1991: 370). Om dít te kon doen, moes hy baie opofferings maak en vele vrese te bowe kom, soos byvoorbeeld sy vrees vir die Farao ná die moord op 'n Egiptenaar. Hy het dit egter nie uit eie krag reggekry nie, maar enkel en alleen omdat hy God en Sy belofte van verlossing voor oë gehou het (Lane, 1991: 371). Maar sy belangrike plek in die geskiedenis van Israel te spyt, sou niemand ooit kon beweer dat Moses enigiets anders as 'n gewone mens en vol sonde was nie (Harrison, 2008: 128). Daarvan getuig byvoorbeeld die feit dat sy geduld met die volk letterlik opraak en hy die rots slaan in plaas van daarmee te praat soos God beveel het (Numeri 20:1-13). Sy straf vir hierdie ongehoorsaamheid word dan ook aan hom uitgemeet toe God hom daarvan weerhou het om die Beloofde Land binne te gaan.

Ook wat sy vrees vir die Farao betref, ondergaan hy 'n metamorfose: aanvanklik vlug hy uit vrees vir wat die Farao sal doen as hy sou uitvind dat hy wat Moses is, 'n Egiptenaar doodgemaak het (Eksodus

2:15), maar later onderhandel hy vreesloos met die Farao totdat dié hom toelaat om met sy volk Israel uit Egipte weg te trek (Thiselton, 2003: 1 475). Dít kon hy, volgens Thiselton, slegs doen omdat hy altyddeur die getroue God voor oë bly hou het.

Moses se optrede en besluite, wat vir groot omwentelinge in sy lewe sorg, word vergelyk met die keuse van Abraham, en dit word duidelik as 'n daad van geloof in God omskryf (Craddock, 1998: 141). Dié besluit het, volgens Craddock, ook te make met die feit dat 'n groter rykdom op hom wag as die tydelike rykdom wat daarin geleë is om koning van Egipte te wees. Moses se hele lewe word uiteindelik 'n inspirerende getuienis van wat dit beteken om 'n mens se geloof in God geanker te hê en wat dit beteken om in jou geloof te volhard (Craddock, 1998: 142).

Nóg 'n rede waarom Moses besluite kon geneem het wat vir hom groot omwenteling meegebring het, is dat hy sy roeping verstaan en na God geluister het (Stedenan, 1991: 128). Hierdie waarneming baseer Stedenan op Stefanus se woorde in Handelinge 7:20-38.

Hierdie gehoorsaamheid voor God en begrip vir sy roeping het egter nie altyd vanselfsprekend gekom nie, en dít verteenwoordig bes moontlik die grootste kentering wat ons by Moses waarneem.

'n Mens leer Moses in werklikheid uit die staanspoor ken – weliswaar nie as 'n man wat sonder aarseling sy las opneem en blymoedig sy Goddelike roeping loop vervul nie, nee – maar as iemand wat allerhande jakkalsdraaie gooi om tog nét onder God se soeklig uit te wurm (vergelyk só Eksodus 3:11-4:16, waar verhaal word hoe hy 'n paar keer poog om los te kom van die taak waartoe God hom geroep het). Wanneer hy steen en been kla oor sy onvermoë om, na sy mening, behoorlik te praat, gee God as oplossing dat Aäron saam met hom sal gaan om die praatwerk te doen (Durheim, 1987: 50). Maar steeds bly Moses die gestuurde, en Aäron bloot sy helper. Hieruit word dit nogeens duidelik dat God intrinsieke verandering wat ekstrinsiek sigbaar word, verwag (**noodsaak** tot verandering), selfs al sien die mens nie werklik daarvoor kans nie en ongeag van die

**impak** wat dit op sy/haar lewe mag hê. Gehoorsaamheid aan God staan voorop, en intrinsieke verandering wat in gehoorsame nuwe lewenshouding vergestalting moet vind, moet daarop en daarvandaan uitgebou word.

'n Bestekopname (Johnstone, 2003: 75) van Moses se aanvanklike onwilligheid om sy roeping te vervul, bring in werklikheid 'n onthutsende prentjie na vore: hy wend naamlik nie minder nie as vyf pogings aan om hom uit sy Goddelike opdrag los te wurm! Dié vyf pogings van Moses om van sy roeping bevry te word, kan soos volg saamgevat word:

- Aanvanklik sien Moses homself as "te klein" vir die taak; met ander woorde, as nie opgewasse nie (Eksodus 3:11). Ter versagting kan 'n mens darem aanvoer dat hoewel Johnstone dit hier reeds as 'n weiering van Moses sien om sy roeping te vervul, Stuart (2006: 118) die mening toegedaan is dat mens dit nie noodwendig moet beskou as 'n poging om aan sy roeping te ontkom nie, maar eerder as 'n "*pro forma question*". Tóg beskryf Stuart dit wél as die eerste van verskeie wyses van *hieros logos* wat Moses sou ophaal.
- Met sy tweede terugkrabbeling wil Moses weet presies Wié dit dan is wat hom na die volk toe stuur (Eksodus 3:13-22). Die gebrek aan 'n antwoord op dié vraag sou, menslik gesproke, 'n goeie rede bied om nie sy roeping te vervul nie, want sonder 'n klinkklare antwoord hiérop sou die Israeliete verskillende interpretasies kon hê van wie dié "God" is wat kwansuis vir Moses gestuur het (Stuart, 1995: 120). Hulle het hulself immers in 'n heidense wêreld bevind, waar dit baie maklik was om van die God van hul voorvaders te vergeet.
- In die derde plek opper Moses die verskoning dat die volk hom waarskynlik nie as leier sou erken nie (Eksodus 4:1-9).
- Die vierde "troefkaart" wat hy probeer speel, is naamlik die feit dat hy swaar praat (Eksodus 4:10-12). En juis hierin vergestalt God se almag en keuse so besonders, naamlik dat Hy ten spyte van 'n

segsman wat nie behoorlik kan rede voer nie, iemand so intimiderend soos die Farao tot ander insigte wil bring (Van der Watt, 2003: 137). Hieruit blyk dit maar net weer duidelik dat niks, nie eens 'n spraakgebrek, in die pad durf staan wanneer God intrinsieke of ekstrinsieke verandering in wyse van optrede vereis nie. Die **noodsaak** dat die mens sal verander, staan dus vas.

- In 'n laaste, wanhopige poging rig Moses 'n bedremmelde dog nederige versoek tot God om asseblief tog iemand anders vir dié groot taak en opgawe uit te soek (Eksodus 4:13).

Ook Houtman (1993: 360-413) dui daarop dat Moses vyf keer probeer om hom uit sy roeping los te woel. Daarmee ondersteun Houtman dít wat Johnstone uitlig rondom Moses se eintlike **weerstand** teen die ekstrinsieke verandering wat hy in sy lewe sou moes maak en die feit dat hy God uiteindelik sou móés gehoorsaam. Om ekstrinsiek te verander het inderdaad 'n ander manier van dink (intrinsieke verandering – PF) by Moses veronderstel.

Comfort (2008: 310) maak, in aansluiting by Johnstone en Houtman, verder dié interessante opmerking dat hoewel dit wil voorkom asof Moses sy eie swakhede voorhou as verskoning waarom God hom liewer nie moet gebruik nie, daar eintlik onsekerheid by hom heers oor God sélf. Comfort "hervertolk" Moses se eerste vier verskonings soos volg:

- Sal God my nie dalk in die steek laat nie?
- Hoe seker kan ek wees van God se beskerming?
- Kan God mense ondanks hul swakhede gebruik?
- Beskik God werklik oor die vermoë om my in alles by te staan?

Comfort wys verder daarop dat God juis geduldig met Moses was omdat die vrae wat Moses gevra het, aan God die geleentheid gebied het om Homself duideliker aan Moses te openbaar. God toon gevolglik groot geduld met Moses se weerstand en/of onwilligheid (Comfort, 2008: 307), maar Moses se denke móés verander word (Comfort, 2008: 310). Anders uitgedruk: Moses moes eenvoudig intrinsiek verander. Daarby word die gesprek tussen God en Moses

'n besondere geleentheid ter toerusting van die pas aangewese leier van God se volk.

Deur alles heen is dit egter duidelik dat "Ek is" met Sy besluit volstaan het en dat Hy ten spyte van al die verskonings waarmee Moses vorendag kon kom, steeds gestaan het by Sy keuse van dié man wat Sy volk uit slawerny moes bevry. Dan hoor ons hoe Moses nie verder teëstribbel nie, maar doen wat God vra (Eksodus 18-20). Of soos Van der Watt (2003: 137) dit stel, Moses se twyfel en voorbehoude word deur God weggevee, en hy tree verder met vertroue en beslistheid op. Op die end kan gestel word dat God na al sy geduldige toerusting aan Moses, laasgenoemde **gedwing** word om intrinsiek te verander.

Die vraag wat hier ontstaan, is of dit die tekens is wat God aan Moses gegee het wat daartoe bygedra het dat Moses toe wél intrinsiek kon verander en God se opdrag in gehoorsaamheid kon gaan uitvoer. Schwantes (1998: 415) sien dit inderdaad só en beskou die tekens as Moses se beweegrede om van plan te verander. Volgens Vosloo en Van Rensburg (1999: 80) kan dié tekens selfs as 'n vorm van **toerusting** beskou word wat God aan hom gee.

'n Mens kan nie anders nie as om te aanvaar dat dit die Heilige Gees se werking in Moses was wat uiteindelik die deurslag in sy aanvaarding en vervulling van sy roeping gee. Hier kan dan geredeneer word dat deur die toerusting van God deur sy Gees gee, Moses intrinsiek in denke en hart verander het om die groot verandering (ekstrinsiek) om die volk te gaan lei, te kon aanpak. Die toerusting het selfs die aanvanklike weerstand laat verkrummel. Dit word daarin duidelik dat ondanks al die verskonings wat Moses aanvoer waarom hy nie die geskikte persoon vir die taak is nie, God se besluit oor hom vásstaan. Wanneer Moses se lewensverhaal dan begin ontvou, begin mens verstaan waarom God beslis geen fout begaan het toe Hy juis hierdie man gekies het om sy volk Israel uit hul slawerny te bevry nie.

Dit blyk uit die lewe en optrede van Moses dat daar aanvanklik, met al sy verskonings wat hy God aanbied waarom hy, na sy mening, nie die geskikte kandidaat is om die volk in hul wegtrek uit Egipte te lei nie, 'n vorm van **weerstand** geleef het teen die veranderinge (dit omsluit sowel intrinsieke verandering (hart en denke), as ekstrinsieke denke - verandering wat sy lewe en lewensomstandighede raak) wat God van hom verwag het. Hierdie weerstand is egter oorkom, en sy denke is onder leiding van die Heilige Gees vernuwe (Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23).

Toe God sy vinger op Moses lê en met geduld na alles luister wat Moses aanbied om aan sy roeping te ontsnap, kom daar 'n duidelike verandering by Moses (hier word na intrinsieke verandering van hart en denke verwys), wat uiteindelik nie alleen vir hom nie, maar ook vir die hele volk van Israel bevoordeel het – nogmaals 'n bevestiging daarvan dat intrinsieke verandering in een persoon se hart en gees dikwels 'n veel wyer **impak** as bloot ten opsigte van dié een individu het: 'n aanduiding daarvan dat Godsgehoorsame intrinsieke veranderinge ("**Bybel-verantwoorde** verandering" in die moderne idioom) altyd goeie gevolge meebring. By Moses het die intrinsieke verandering van hart en denke meegewerk dat hy nog 'n groot ekstrinsieke verandering in sy lewe kon hanteer en reg bestuur.

### 3.5.3 Jona

Vir die doeleindes van die onderhawige studie gaan daar geensins gefokus word op die "*controversial interpretive history*" wat rondom die Jona-boek woed nie (Smith & Page, 1995: 203). Daar word bloot op die kwessie van verandering (hetsy intrinsiek of ekstrinsiek) gefokus en daar word aanvaar dat Jona inderdaad 'n persoon is wat in die geskiedenis as profeet in God se diens en tot voordeel van Sy koninkryk op aarde gebruik is. Die feit dat Jesus in Matteus 12:39-40 na Jona verwys, is afdoende bewys dat Jona wél 'n geskiedkundige werklikheid was (Smith & Page, 1995: 218).

Jona word allerweë as die opperste "onwillige profeet" beskou (George, 2008: 167). Vandaar dan ook die vergelyking tussen Jona

en Moses in dié sin dat hulle die enigste twee mense is wat deur God geroep word, maar aanvanklik heftig teen hul roeping gekant is (Stuart, 1995: 136), al was daar ander geroepenes wat nie soseer weerstand gebied het teen hul roeping nie, maar nogtans gemengde gevoelens daaroor gekoester het, soos byvoorbeeld Gideon.

Die vergelyking tussen Moses en Jona word op grond van die volgende ooreenkomste en raakpunte getref (Stuart, 2006: 323):

**Tabel 3.1**

| | | |
|---|---|---|
| *God calls prophet to preach in a foreign land* | *Exodus 3:4-10* | *Jonah 1:1-2* |
| *Prophet tries to refuse* | *Exodus 4:13* | *Jonah 1:3* |
| *Divine death penalty nearly imposed during travels* | *Exodus 4:24* | *Jonah 1:4-15* |
| *Prophet learns his lesson* | *Exodus 4:25* | *Jonah 2:1-10* |
| *God spares him* | *Exodus 4:26* | *Jonah 1:17* |
| *God renews the call* | *Exodus 4:27-28* | *Jonah 3:1* |
| *Prophet finally cooperates with calling* | *Exodus 4:29-30,* et passim | *Jonah 3:3-4* |
| *Call comes to successful fruition* | *Exodus 4:31,* et passim | *Jonah 3:5-10* |

Soos in die tabel hierbo uitgewys, is dit alom bekend dat Jona met sy tweede roeping wél aan God gehoorsaam was en sy opdrag uitgevoer het (Jona 3:3-4). Hy kry, soos uit die Bybel afgelei kan word, as't ware 'n tweede kans om, ondanks sy aanvanklike ongehoorsaamheid en **weerstand**, steeds aan God se Plan te kan meewerk (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 1 044 en George, 2008: 168). Dit blyk duidelik uit Jona se lewensgeskiedenis dat 'n taak waarop God besluit en wat Hy aan iemand opdra, op geen manier ontduik kan of mag word nie (Limburg, 1988: 141).

Daar kan nóg vergelykings tussen Jona se geskiedenis en dié van ander profete getref word (Trible, 1996: 480-481). Trible wys egter daarop dat profete soos Elia en Jeremia óók van hul roepings wou ontvlug, maar dat Jona hulle ver oortref wat vermetelheid betref. Jona was naamlik nie besorg oor sy geskiktheid vir die taak wat hom opgelê is nie, nee, hy het selfs nie vir sy lewe gevrees nie en hy was ook nie bang omdat hy God se oordeel en strafgerig oor Nineve

moes gaan verkondig nie. Sy **weerstand** spruit uit iets wat mens beswaarlik van 'n Godsman kan glo: hy is vir God kwáád nadat Hy diégene (meer as honderd en twintig duisend mense en hul diere) begenadig oor wie Jona God se oordeel en strafgerig moes gaan uitroep. In plaas van bly wees oor al die siele en diere wat gespaar gebly het, is Jona nou nukkerig en vies vir God! 'n Mens sou dus kon sê dat Jona se eie "ek" veroorsaak dat hy teen God in opstand kom, omdat hy bang was dat God sy geloofwaardigheid en reputasie as profeet in gedrang gebring het deur nié vir Nineve te verdelg soos Hy belowe het nie. Ongelooflik soos dit mag klink, is dit ook die rede waarom Jona in die eerste plek na Tarsis wou wegvlug sodat hy nie God se opdrag hoef uit te voer nie, en hy maak sélf dié bekentenis: "Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug. Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het" (Jona 4:2). Jona is dus in werklikheid beswaard omdat God 'n God van liefde, vergifnis en erbarming is!

Die grootste vernuwing wat Jona na sy dénke (intrinsieke verandering – PF) moes ondergaan, het dus, ironies genoeg, nie plaasgevind toe hy aanvanklik die see ingegooi is en toe wonderbaarlik van verdrinking gered word deurdat God 'n vis beskik wat hom insluk, en ook nie toe hy vanuit die maag van die vis vergifnis by God moes bepleit nie, maar wél eers toe hy dikmond onder die verskrompelde komkommerplant buite Nineve gesit en wag het dat God die stad moes verdelg. Anders as die meeste ander profete begin Jona dus eers iets van die ware **impak** van die vernuwing in sy denke en in sy lewe voel nádat hy sy opdrag uitgevoer het.

Wat Jona egter so tragies miskyk, is juis die feit dat God Nineve danksy sy gehoorsaamheid kon red. Die hele bevolking, van die koning tot die mees beskeie onderdaan, ja selfs die laaste dier, word danksy sy werk gespaar (Jona 3:5-6). Die wonderlike boodskap wat

Jona se verhaal vir God se kinders inhou, is dan ook dat niémand ooit só sleg, verhard of verlore is dat God nie verandering in sy/haar lewe kan teweegbring nie (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 1 045). Die verandering waarna hier verwys word, sou die intrinsieke verandering in die oog hê. Dit is immers so dat die mense van Ninevé tot inkeer omkom (denke en hartsverandering ondergaan), wat dan weer in hulle optrede voor die Here sigbaar word.

Die vraag kan egter met reg gevra word of daar inderdaad 'n wesenlike intrinsieke verandering by Jona sélf plaasgevind het. Sy reaksie op die mense van Nineve se bekering (Jona 4:1), asook sy reaksie op die verdorring van die komkommerplant (Jona 4:7-9), dui eerder op die teendeel. Om hier egter 'n oordeel te vel oor die mate waarin sy denke en lewe vernuwe is, sal ten beste blote gissing wees. Dit wil tóg voorkom asof Jona steeds agter sy eie opvattings, tradisies en vooroordele bly skuil het terwyl hy God se opdrag uitgevoer het (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 1 046).

Harrison (2008: 1 479) gaan so ver as om te sê dat Jona die Assiriërs, in hul hoedanigheid as vyande van en bedreiging vir die volk Israel, geháát het, en dat hy inderdaad met hierdie haat jeens en vrees vir die Assiriërs opgegroei het (vergelyk ook George, 2008: 169). 'n Hartsverandering jeens en vernuwende denke (intrinsieke verandering) oor die Assiriërs was dus broodnodig in Jona se lewe. Of laasgenoemde wél plaasgevind het, kan nie bo alle twyfel vasgestel word nie. Om die waarheid te sê, blyk Jona ná alles nié so 'n goeie eksponent te wees van daardie geesverheffende hartsverandering en die sielsbevrydende denkevernuwing wat mens met die Heilige Gees se reddende werk in van die ander profete leer assosieer het nie (Gunn, 2003: 701). Die laaste wat 'n mens immers van Jona hoor, is dat hy, in die versengende woestynson, steeds daar onder die verdorde komkommerplant sit en murmureer: "Ek het rede genoeg (om kwaad te wees): ek is besig om te sterf!" (Jona 4:9).

Wat die oënskynlike gebrek aan vernuwende denke by Jona des te meer tragies maak, is dat God Sy besluit om Nineve te spaar, aan Jona regverdig toe Hy verduidelik dat Hy nie teen Jona gedraai het toe Hy Sy genade aan die mense van Nineve bewys het nie (Sasson, 1990: 34). Sasson meen dat die skielike opskiet van die komkommerplant (wat in die Ou Vertaling van die Afrikaanse Bybel (1953 vertaling) selfs 'n "wonderplant" genoem word) 'n klinkklare bewys is daarvan dat God steeds by Jona staan. Dit wil egter voorkom asof selfs hierdie wonderwerk deur God "om hom van sy misnoeë te bevry" (Jona 4:6), steeds nie die gewenste uitwerking gehad het nie.

In hierdie geroepene van God se lewe is **weerstand** teen sy Goddelike opdrag 'n nare werklikheid, wat moontlik verklaar waarom Jona nie goed daarin slaag om die ekstrinsieke verandering in sy lewe te aanvaar of sy denke te vernuwe nie. Om sake te vererger, kan daar nie afdoende uit die boek Jona afgelei word of hy wél daarin slaag om sy **weerstand** volledig te oorkom nie, aangesien die profesie op 'n sogenaamde "oop" einde afsluit (Vosloo & Van Rensburg, 1999: 1 046 en Smith & Page, 1995: 288). 'n Mens sou jou egter kon verstout deur te sê dat só 'n vernuwing van denke (intrinsieke verandering – PF) tog sekerlik die bereidheid insluit om ander te vergewe, of hulle dan minstens Gód se vergifnis te gun. Vergifnis is egter juis vir Jona hier die steen des aanstoots, wat hom ongelukkig reduseer tot 'n minder goeie voorbeeld van die vernuwende krag van intrinsieke verandering wat God in menseharte teweegbring (Van der Watt, 2003: 531).

Die volk Israel moes egter uit die geskiedenis van Jona reeds leer dat God ánder nasies déúr die Israeliete wou red (Harrison, 2008: 1 476 en Smith & Page, 1995: 204). Harrison gaan verder en verklaar dat Israel tóé reeds moes besef het dat die verlossing wat God deur die Messias beloof het, nie nét die volk Israel beskore was nie. Keil en Delitzsch (1980: 383) ondersteun dié gedagte deur daarop te wys dat die boek Jona vir die volk Israel lig moes werp op die heidene se

posisie in die koninkryk van God, en dat dié boek hulle daarop moes voorberei dat heidene wat die Woord van God aanvaar, in die Verlossing sal deel wat God déúr Israel vir al die nasies ter wêreld bewerkstellig het. Wessels (1987: 255) stel dit selfs meer pertinent deur daarop te wys dat die boek Jona "partikularisme", wat slegs vir die volk Israel heil in die vooruitsig gestel het, veroordeel. As hulle dit tóé reeds besef en die regte les uit Jona se verhaal weggeneem het, was Jesus (en ook die apostels ná Hom) se aandrang om die evangelie ook aan heidene te verkondig, moontlik nie vir die Jode so moeilik om te aanvaar nie, soos dit in Handelinge beskryf staan. Jona se verhaal dien dus as't ware as 'n tydige waarskuwing dat die volk Israel God nie net vir hulself durf opeis nie (George, 2008: 170). Jona word vir die volk Israel 'n aansporing om intrinsiek te verander en daarom nuut te dink en leef.

Nog 'n saak wat danksy Jona se geskiedenis soos 'n paal bo water kom staan, is die feit dat God Hom nie deur die **onwilligheid** of **weerstand** van 'n geroepene laat stuit nie (Bullock, 1986: 42). Bullock wys in dié verband daarop hóé pateties en futiel Jona se pogings in werklikheid is om van God se aangesig en sy roeping te probeer ontsnap, veral omdat alles daarop dui dat hy wel deeglik daarvan bewus is dat sy God alomteenwoordig en alsiende is: "Ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het" (Jona 1:9) en "...ek weet dit is oor my dat hierdie groot storm rondom julle woed"(Jona 1:12).

God verwag dus niks minder as volledige gehoorsaamheid van Sy profete nie. Of, soos Aalders (1958: 71) dit stel: God gebruik verskillende maniere om onwillige profete tot gehoorsaamheid te bring. Dít doen God dan, soos met Jeremia, deur 'n "inwendige niet te onderdrukken kracht" of, soos in Jona se geval, met 'n uitwendige gebeurlikheid soos die vreeslike storm ter see. God hou egter by Sy besluit, ondanks die impak wat dit mag hê. By Hom is die intrinsieke verandering wat met gehoorsaamheid en volle oorgawe gepaard gaan, nie opsioneel nie, maar noodwendig.

Nog 'n saak wat uit die profesie van Jona te berde gebring word, hang nou daarmee saam dat dié boek 'n "oop" einde het. Die vraag oor wie Jona wérklik is, bring elke gelowige by die punt om te besef: **Jona is ek!** (Limburg, 1988: 156). Elkeen wat deel van die Kerk van die Here wil wees, kom voor dié problematiek te staan: nuwe denke (intrinsieke verandering) is onontbeerlik om God in Sy groot genade te ken en te berus by Sy besluit oor wie hierdie genade gaan ontvang, en wie nié. Elkeen van Sy kinders moet dus tot hierdie geloofsvolwassenheid kom, asook tot daardie Bybel-verantwoorde intrinsieke verandering om álle mense in liefde te kan aanvaar. Hiervoor bly voortdurende geestelike transformasie die spil waarom ál hierdie prosesse draai en waarvoor daar biddend voor die Heilige Gees geleef moet word, sodat dié transformasie uiteindelik deurstaan en volbring kan word.

Marais (2008: 3) wys op sy beurt op 'n besonderse interpretasie van een van die aspekte van Jona se profesie, naamlik dat die Kerk van vandag ook moet leer om ánders en núút na die wêreld uit te reik en op te hou skuil agter die "selfgemaakte skermpies" waaragter mense veilig voel. Só moet die Kerk die moontlikheid oophou dat God kan verras deur op 'n totaal nuwe manier op te tree, deur met wié Hy só nuut omgaan en met wát Hy doen. Dit blyk skrynend duidelik uit Jona se lewensverhaal dat gelowiges en die Kerk soms selfs bereid moet wees om hul aartsvyande as deel van die Kerk of 'n gemeente te aanvaar. Iets wat Paulus in sy briewe aan die lidmate van die gemeentes in Rome en Efese (Klein Asië) deurgegee het.

Die geskiedenis van Jona leer ons ook dat God Sy ingrypende werk selfs deur 'n dwarstrekkerige, opstandige profeet kan verrig. Met God se vinger op Jona gebeur dit dan ook dat sy doemvoorspelling 'n ganse stad tot inkeer ruk en bekeer. Die mens is egter kennelik bloot 'n instrument in hierdie proses van verandering (intrinsieke verandering wat kulmineer in ekstrinsieke verandering), terwyl God dié verandering deur Sy Gees tot voordeel en uitbreiding van Sy koninkryk in die hand werk.

Samevattend kan hier grootliks uitgewys word dat selfs gedwonge intrinsieke verandering, mooi resultate ekstrinsiek na vore kan bring. God dwing Jona om anders te dink en dan doen hy wat van hom verwag word. Ekstrinsiek is daar verandering by Jona ten opsigte van sy opdrag sigbaar, maar dit kom eers na vore nadat God met dwang sy denke verander. Of sy hart intrinsiek verander het, is soos hierbo uitgewys, moeilik om te bepaal.

### 3.5.4 Die volk Israel

Hawkins (1997: 5-6) wys daarop dat die volk Israel se lewe ook in 'n hoë mate deur voortdurende ekstrinsieke veranderinge gekenmerk is. Vir die doel van hierdie studie sal daar oorsigtelik gewys word op van die ekstrinsieke veranderinge waaraan Israel blootgestel was en hoe die volk daarop gereageer het.

Die eerste groot omwenteling vind plaas wanneer God ingryp en Farao se hart dermate versag dat hy besluit om die verknegte volk uit Egipte te laat wegtrek – 'n groot verligting en uitkoms vir die volk, wat opnuut God se wonderwerkende almag met hul redding by die Rooi See ervaar (Eksodus 14:15-31). Hierna, op hul 40-jaar lange swerftog deur die woestyn, beleef hulle God se sorg op besondere wyses. Só voorsien Hy manna uit die hemel ná hul eerste opstand oor 'n gebrek aan kos. In Eksodus 16:3 hoor 'n mens selfs die versugting om steeds by die vleispotte van Egipte te kon aansit. **'n Gebrek aan kos laat hulle dus vergeet van al die swaarkry en onderdrukking waaraan hulle in Egipte onderwerp was.** 'n Mens sou dít kon beskou as 'n seker teken van **weerstand** teen die ekstrinsieke veranderinge waaraan hulle blootgestel was.

Hul verwondering oor die manna uit die hemel het egter nie lank gehou nie. Die volk begin nogmaals oor kos kla, maar dié keer oor die manna wat hulle elke dag moes eet. En wéér hoor mens die versugting om by Egipte se vleispotte te kon aansit (Numeri 11:4-6) – nóg 'n aanduiding van hul **weerstand** teen die ekstrinsieke verandering. God bly egter geduldig en voorsien aan hulle vleis in die vorm van kwartels (Numeri 11:31-32).

Nóg 'n ekstrinsieke verandering tref die volk as gevolg van opstandigheid wat volg op die verkenning van die land Kanaän (Numeri 14). God dreig om die volk te vernietig (Numeri 14:11-12), maar Moses tree vir die volk by God in en God tref die volk nie soos Hy sê nie, maar verklaar dat geeneen van die volk wat in opstand gekom het, die land Kanaän sal binnegaan nie (Numeri 14:23). Hiermee verander die lotsbestemming van die meeste volksgenote, met uitsondering van Kaleb en Josua (Numeri 14:30).

Nadat die volk Kanaän binnegegaan het, ry hul lewenslot voortdurend wipplank tussen voorspoed en strafgerig as gevolg van hul ongehoorsaamheid gedurende die Rigtertydperk (vergelyk onder meer Rigters 2:11, 13-15; 3:12, 14, 30; Rigters 4:1-3, 31; Rigters 10:6-9 en Rigters 12 en Rigters 12:7). Die Rigtertydperk word veral gekenmerk deur die kontras tussen God se getrouheid en die volk se afvalligheid (Radmacher, Allen & House, 2007: 366), asook deur dié bose kringloop: die volk verval in sonde, val in slawerny vas en word deur God verlos (Radmacher, Allen & House, 2007: 366). Die volk word gedurende dié tydperk met die een ekstrinsieke verandering ná die ander gekonfronteer. Die positiewe veranderinge word almal aan die genade van God gekoppel, wat deur Sy Gees berou in harte werk en uitkoms gee, terwyl die swaar tye telkens volg op die volk se ongehoorsaamheid aan God, waarna daar dienooreenkomstig aan hulle straf uitgemeet word.

Ná jare se vergeefse waarskuwings van God deur sy profete in die tyd van die konings gebeur dit toe uiteindelik dat die volk in ballingskap weggevoer word: die noordelike tienstamme-ryk, wat nooit weer teruggekom het nie (2 Konings 15:29), en die twee stamme Juda en Benjamin, wat vir 70 jaar in ballingskap na Babel weggevoer is (2 Konings 24:14-16). Weliswaar 'n swaar tyd wat oor die volk gekom het, maar God se genade kom weer eens na vore as Hy vir hulle positiewe ekstrinsieke verandering ná meer as 70 jaar se

ballingskap teweegbring (vergelyk die boek Esra en Nehemia, waarin die herbou van die tempel ná hul ballingskap beskryf word).

Die ingrypendste en mees tragiese gebeurlikheid waaraan die volk Israel ooit onderwerp is, manifesteer egter eers met die koms van Jesus Christus die Messias. Hulle het naamlik, onder invloed van hul leiers, geglo dat 'n aardse messias vir hulle sou opdaag om weer vir hulle wêreldse mag te gee. Met Jesus se koms het die meeste Jode, onder aanvoering van die Joodse Raad, daarom vir Jesus as hul Messias verwerp en só hul alleenreg as God se verbondsvolk verbeur. Jesus sélf wys aan hulle uit dat die tollenaars en prostitute hulle in die koninkryk van God sal voorgaan (Matteus 21:31). Met die uitstorting van die Heilige Gees tydens die Pinkstertyd kry Petrus en die ander apostels die vrymoedigheid om die hele Israel uit te nooi om die nuwe bevrydingsgeskiedenis van die "nuwe verbond" voort te sit deur dit op universele vlak uit te bou (Pesch, 2001: 1 775). Díe feit dat God se verbondsvolk voortaan mense van oor die hele wêreld en vanuit alle rasse en tale sou insluit, het die Jode net nog heftiger laat reageer teen dié nuwe beweging van Petrus en die ander apostels, wat weer daarop dui dat die Jode se denke nie vernuwe is nie (geen intrinsieke verandering kom na vore nie –PF).

Radmacher, Allen en House (2007: 1 721) wys voorts op nóg 'n ingrypende ekstrinsieke verandering wat die volk Israel polities tref, naamlik die verwoesting van Jerusalem in die jaar 70 ná Christus. Dit het gemaak dat hulle anders moes dink oor die belangrikheid nie alleen van Jerusalem nie, maar ook van ál hul instellings – iets wat Stefanus (wat gestenig is, sien Handelinge 7:54-60) en die ander Christene saam met hom lankal reeds gedoen het. Stefanus het dié nuwe siening wyd en syd verkondig, naamlik dat enige mens nou tot God se volk mag behoort, wat weer tot groot konflik tussen die Christene en Jode, en uiteindelik tot die verskriklike vervolging van die Christene, aanleiding gegee het. Hieroor maak Radmacher, Allen en House (2007: 1 721) die opmerking dat die Christene van vandag dalk ook sal moet besin oor hoe hulle hul instellings beskou

en hanteer. Dít veral in die lig van ekstrinsieke veranderinge waarvoor die Kerk vandag te staan kom, en nog sal kom.

Uit die geskiedenis van die volk Israel sou die afleiding gemaak kan word dat negatiewe ekstrinsieke verandering waaraan God hulle onderwerp het (val in die hand van vyande en swaarkry as gevolg van ongehoorsaamheid), gebruik is as toerusting of instrumente deur God om hulle intrinsiek (in denke en hartsingesteldheid) positief te verander. Intrinsieke en ekstrinsieke verandering loop hier weereens hand aan hand.

### 3.5.5 Petrus

Petrus kan as die verpersoonliking van intrinsieke verandering wat uiteindelik sigbaar word in 'n lewensveranderde leefwyse, bestempel word, veral van verandering tot die mens se ewige voordeel. Die eerste groot nuwigheid waaraan hy moet gewoond raak, is wanneer Jesus sy naam van "Simon" na "Petrus" verander (George, 2008: 210). Dan gee Petrus gehoor aan Jesus se oproep dat hy Hom moet volg (Markus 1:17), en só gebeur dit dat Petrus saam met Jesus 'n onseker en onbekende toekoms tegemoet stap. In Lukas 5:8 verneem die leser egter dat Petrus ook maar, nes enige ander mens, in dié omstandighede huiwerig was om Jesus te volg, maar dat hy ná Jesus se versekering dat hy nie bang hoef te wees nie, sy roeping aanvaar. Petrus loop daarna inderdaad die pad sáám met Jesus, en dít tree vir tree (Vosloo & Van Rensburg, 2007: 1 439). Tóg kom Petrus ook groot struikelblokke in sy navolging van Jesus teë, en ontstaan daar ook situasies waarin hy klaaglik misluk, soos so duidelik uit die volgende voorbeelde blyk:

- Pas ná sy wonderlike belydenis namens die apostels oor wie Jesus is (Matteus 16:16), word hy inderdaad sélf 'n struikelblok vir Jesus as hy sê dat Jesus nie 'n lydingspad sal loop nie (Matteus 10:22). 'n Aanduiding dat sy intrinsieke verandering nog nie volledig was nie.
- Terwyl die mense Jesus gevange neem, reageer hy woedend en kap een van die hulle se oor af (Johannes 18:10).

- Vol bravade wil hy soos Jesus op die water loop, maar sy kleingelowigheid haal hom in, en Jesus moet hom red (Matteus 14:28-30).
- Tydens Jesus se verhoor kruip Petrus weg omdat hy bang is vir wat Jesus se vervolgers moontlik aan hom kan doen, en dan verloën hy boonop vir Jesus drie maal in een nag (Matteus 26:69-75).

Iets wat Petrus in sy navolging van Jesus moes leer, was dat daar met die gedagte van God gedink moes word, en nie met die weerspannige gedagte van mense nie (Pesch, 2001: 1 774). Dit is 'n les wat elke gelowige vandag nog ter harte behoort te neem. Maar, om te kan dink soos Gód dit wil, moet die mens se gedagtes 'n totale omwenteling ondergaan (diepe intrinsieke verandering van hart en denke moet plaasvind – PF). Petrus se kentering kom wanneer Jesus hom ná alles steeds nie verwerp nie en hom boonop, met die drie vrae of hy vir Jesus liefhet, in sy amp herstel (Johannes 21:15-19) (Radmacher, Allen & House, 2007: 1 703). Hierbenewens kan mens aanvaar dat Jesus se opstanding uit die dood, waaroor Petrus volgens Lukas 24:12 "vol verwondering was", 'n wonderlike laaste seël op sy hartsverandering en denkevernuwing geplaas het (intrinsieke verandering).

Dit word juis uit veral Petrus se lewe duidelik dat Jesus dié mense as apostels gekies het wie se harte Hy deur Sy liefde kon verander (Vosloo & Van Rensburg, 2007: 1 439). Presies hóé intens die apostels se harte met liefde vir en gehoorsaamheid aan God vervul is (wat aanvaar word die werk van die Heilige Gees te wees), word gou duidelik wanneer Petrus en Johannes voor die Joodse Raad staan en eenvoudig weier om te doen wat hulle gebied. Petrus verduidelik as't ware waar hy die moed kry om die Raad teë te gaan as hy verklaar dat hulle Gód meer as mense gaan gehoorsaam (Handelinge 4:19-20). George (2008: 209) wys in dié verband daarop dat al wás Petrus 'n sterk leier en vol selfvertroue, hy tóg ook "leerbaar" was – iets wat hom veral vir ekstrinsieke verandering

oopgelaat het, en iets wat Christene goed te pas kom wanneer hulle elke dag opnuut hul harte vir vernuwing moet oopmaak.

'n Verdere vernuwing van denke (of dan 'n bewys van sy "leerbaarheid") word ten opsigte van Petrus in die Bybel beskryf (lees Handelinge 10:10-16, asook 10:27-29). 'n Doek met allerlei soorte rein én onrein diere daarin het naamlik uit die hemel neergedaal met die uitnodiging dat Petrus, wat toe honger was, maar van die diere kon eet. Hy verklaar egter dat hy nog nooit iets onreins geëet het nie, en daarom weier hy. Tóg het hy besef, toe hy daarna die opdrag kry om na mense te gaan met wie Jode tradisioneel nie mag omgegaan het nie en wie se huise hulle nie kon binnegaan nie, dat die Here hom met dié visioen wou laat verstaan dat géén mens 'n ander (selfs nie eens 'n heiden nie – vergelyk Radmacher, Allen & House, 2007: 1 728) meer as "onrein" mag beskou nie. Só het God hom oortuig dat die evangelie ook na heidene uitgedra moes word (Walton, 2007: 17), 'n opdrag wat hy toe ook van harte sou uitvoer. Sy denke moes dus nuut word ( hy moes intrinsiek verander – PF) sodat hy sy roeping in diens van God kon vervul (ekstrinsieke veranderinge reg kon hanteer – PF). Hiervan kan mens aflei dat, waar Petrus aanvanklik nie kon insien dat heidene sonder besnydenis of binding aan die Tora van die Kerk kon deel word nie, hy van opinie verander en aktief begin meewerk het om die evangelie aan hulle te bring (Pesch, 2001: 1 775).

Petrus word hierin 'n prototipe nie alleen van iemand wat Jesus gefaal het nie, maar ook van iemand wat Sy vergifnis volledig ontvang en begin lééf het, en wat uiteindelik met groot vrug in Sy koninkryk gebruik is (Harrison, 2008: 1 609). Al wat nodig is, is vernuwing van denke, dus intrinsieke verandering en om gehoorsaam aan die Woord van God te leef – dit is om die intrinsieke verandering met 'n nuwe lewenswyse te staaf. Dié verandering moet egter wel Bybel-gefundeer wees. Dis dan ook Petrus wat bely dat Jesus met Sy persoon, Sy geloof en Sy geloofsleer die sleutel gehou

het wat tot die uiteindelike hervorming van Israel sou lei (Pesch, 2001: 1 773).

Verder wys Pesch (2001: 1 772) daarop dat Petrus saam met Paulus die Kerk van Jesus as 'n eenheid van gemeentes opgebou het wat tóg 'n nuwe volk van God gevorm het, hoewel dit uit Jode sowel as heidene bestaan. Dit is wat, in Pesch se opinie, die Kerk tot vandag toe dra en die grondslag vir die voortdurende gesamentlike hervorming lê waaraan die Kerk onverpoosd moet werk.

Net soos Petrus moes leer, moet elke gelowige leer om intrinsiek te verander en nuut te bly dink oor enige persoon wat die Here toelaat om van Sy Kerk op aarde deel te word. Die keuse om intrinsiek te verander of nie, word egter nie aan mense oorgelaat nie, net soos dit nie Petrus se keuse was om te verander nie. Hy is eenvoudig daartoe gebring, en hoewel al sy swaarkry en lyding wél 'n **impak** op hom gehad het, was dit tot sy en die Kerk se voordeel en het God groot eer uit Petrus se bekering verkry.

As samevattende gedagte vanuit die lewe van Petrus, kan hier daarop gewys word dat wanneer iemand werklik intrinsiek verander (denke nuut word en hart reg instel), so iemand ook die verandering in houding en optrede openbaar en daarom ekstrinsieke veranderinge waarvoor so iemand te staan kom, gehoorsaam aan God kan hanteer en bestuur. Toe Petrus se denke reg ingestem was, toe is hy bereid om die aangepaste of veranderde opdrag om sy aanvanklike vyand, die heidene, in liefde te hanteer en bearbei. Die regte hantering van ekstrinsieke verandering volg op intrinsieke verandering in die lewe van Petrus.

### 3.5.6 Paulus

Die skielike en grootste ommekeer in Paulus se lewe is goed bekend aan almal wat die Bybel ken en bestudeer. Op pad om Christene in Damaskus vir doeleindes van vervolging in hegtenis te neem, word Paulus deur Jesus Christus voorgekeer en gekonfronteer (Handelinge 9:5-6). Hy word met blindheid geslaan, maar, soos Van der Spuy (2009: 1) tereg uitwys, hy het slegs fisies blind geword,

terwyl hy geestelik op daardie dag eers waarlik begin sien het. Dit lei daartoe dat Paulus tot inkeer kom, en dan van vervolger van die Kerk van Jesus verander tot sekerlik dié persoon wat (naas Jesus) die grootste rol in die vestiging van die Christendom sou speel (Vosloo & Van Rensburg, 2007: 1 671). Hierdie inkeer word deur Groenewald (1973: 440) beskryf as 'n ingrypende intrinsieke verandering in Paulus se lewe. Ironies genoeg bly Paulus net so ywerig en energiek ná sy bekering as daarvóór, met dié belangrike verskil: hy wy nou sy tyd en energie daaraan om siele vir Jesus en volgelinge vir Sy Kerk te wen.

Pesch (2001: 1 776) wys voorts daarop dat niemand ooit sou kon voorspel dat Paulus van 'n buitestaander (of, soos hy homself in 1 Korintiërs 15:8 van die 1983-vertaling beskryf, die "ontydig geborene") tot 'n apostel sou kon omvorm nie. Wanneer daar in werklikheid oor Paulus se lewe nagedink word, kom mens net hoe langer hoe meer onder die indruk van hoe onomkeerbaar, finaal en ingrypend dié intrinsieke verandering wat ekstrinsiek duidelik na vore gekom het, in sy lewe moes gewees het. Trouens, dié verandering wat Paulus ondergaan het van geharde vervolger tot sendeling vir die Kerk, ontneem ander mense hul verontskuldiging as hulle nie intrinsiek verander of wíl verander nie (Pesch, 2001: 1 779).

Wat egter in Paulus se geval goed begryp moet word, is dat hy vóór sy bekering die Jode se hoop gedeel het van 'n Messias wat sou kom om Israel se vyande te verslaan en Israel as wêreldmag te vestig om op dié manier, so het hulle gemeen, die Koninkryk van God te hervestig (Ladd, 1979: 364). Hierdie idee van 'n wêreldse ryk het hy eers ná sy bekering afgelê, waarna hy die eskatologiese ryk helder en duidelik begin verkondig het, selfs ondanks die feit dat hy sélf daaroor aan vervolging uitgelewer was.

Paulus se bekering word beskou as 'n aangrypende gebeurtenis (Van der Watt, 2003: 691), maar ondanks die feit dat dit so ingrypend was, wys Van der Watt (2003: 692) daarop dat Paulus aanvanklik oor dié skielike intrinsieke verandering in sy lewe gewantrou is. Só was

daar onder die Christene van destyds wantroue teenoor hom, terwyl die heidene nie geweet het wáár hulle met hom staan nie. Dié toedrag van sake het begin verander toe Barnabas hom oor Paulus ontferm en hom aan die apostels in Jerusalem gaan voorstel het (Handelinge 9:26-29). In laasgenoemde teksgedeelte lees 'n mens egter tóg dat die Griekssprekende Jode hom steeds wou vermoor.

So ánders as met die 12 apostels kies Jesus in Paulus 'n persoon wat goed in die Skrif onderlê is om in Sy diens te staan – iemand wat by die grote Gamaliël sélf onderrig ontvang het (Vosloo & Van Rensburg, 2007: 1 671). Paulus was dus iemand wat goed met die Woord (die Ou Testament) en die Wet van God vertroud was. Hy het immers alles in sy lewe met groot ywer en oortuiging aangepak – nes hy ook ná sy bekering gedoen het.

Hy het sy werk in die diens van die Here onverskrokke verrig, ondanks groot teenstand en geweldige lyding. Eers is hy gestenig en vir dood agtergelaat (Handelinge 14:19), waarna hy met die karwats geslaan en in die tronk gestop is. Al hierdie lyding ten spyt, het hy nooit geskroom om 'n geleentheid aan te gryp om die evangelie te verkondig nie. Selfs vir die reg en die regstelsel het hy nie teruggedeins nie (Handelinge 25:10-11), en hy het sonder skroom sy getuienis voor hooggeplaastes gebring (Handelinge 26).

Paulus, wat vir die briewe aan die Romeine en Efesiërs verantwoordelik was en dus ook met Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 gekrediteer kan word, het nooit net **gepraat** nie, maar self **gedoen**. Hier kan as voorbeeld genoem word sy vernuwende denke ten opsigte van regverdigmaking (Romeine 4:1-8). Dit blyk uit gemelde gedeelte dat hy regverdigmaking nie meer sien in terme van die deeglike nakom van die Wet van Moses nie (soos die Fariseërs geglo en geleer het en soos Paulus dit ook eers verstaan het nie), maar dat hy die Wet wél as gawe van God beskou vir elkeen wat sy/haar vertroue in Jesus Christus as Verlosser plaas (Harrison, 2008: 1 844).

Ondanks die groot omwenteling in Paulus se lewe en die bitter gevolge wat dit vir hom ingehou het, vind 'n mens nêrens in die Bybel eens die geringste sweempie van teenstand jeens of **weerstand** oor dié groot ekstrinsieke verandering in sy lewe en oor sy uiteindelike lotsbestemming nie. Die groot ywer waarmee hy werk en die getuienisse wat hy lewer, getuig inteendeel daarvan dat hy dit aanvaar en sy denke nuut laat word het (vergelyk Filippense 4:11-12 en 1 Timoteus 1:12-14), en dat die impak wat die ekstrinsieke verandering op hom moes gehad het, hom nie negatief gestem het nie. Hy getuig inderdaad hoe God in Sy genade vir hom deur alles gesorg het en dat hy juis daarom tot alles in staat was wat hy vermag het, aangesien hy van God die nodige krag gekry het (Filippense 4:13).

Een van die groot redes waarom Paulus hierdie groot ekstrinsieke verandering (wat op intrinsieke verandering gevolg het – PF) kon maak, was te danke aan sy aanpasbaarheid (Guthrie, 1976: 389). Guthrie gaan verder daarop in en toon aan dat Paulus graag alles vir alle mense wou wees. Hy het werklik oor die vermoë beskik om hom by alle omstandighede aan te pas (Filippense 4:11), hoewel hy nooit bereid was om sy beginsels ter wille van aanpasbaarheid te buig nie – iets wat die Kerk tydens die proses van ekstrinsieke verandering wel deeglik in gedagte behoort te hou en iets wat daarop dui dat ekstrinsieke verandering wat in die vooruitsig gestel en beplan word, altyd op **Bybel-verantwoorde** wyse móét plaasvind.

Dit is tog verdedigbaar om uit te wys dat juis Paulus se lewensverandering een van die sterkste bewyse is dat intrinsieke en ekstrinsieke verandering twee kante van dieselfde muntstuk kan wees. Toe God in Paulus se lewe ingryp en sy denke en hart nuut gemaak het (toe hy intrinsiek verander het – PF), was sy totale vernuwing helder duidelik. Laasgenoemde daarin dat hy radikaal verander van vernietiger van die Kerk van Jesus tot bouer daarvan. Daarmee saam sou dit veilig wees om te sê dat as hy nie intrinsiek

verander het nie, die ekstrinsieke verandering ook nie by hom sigbaar sou wees nie.

### 3.5.7 Jesus Christus en verandering

Die besluit om Jesus óók by hierdie studie na verandering en die impak daarvan op Bybelse figure in te sluit, moet verstaan word teen die agtergrond daarvan dat die studie nie fokus op watter impak verandering op Jesus as Persoon gehad het nie. Aspekte soos dat Sy voorkoms tydens Sy verheerliking op die berg verander het (Matteus 17:2), is byvoorbeeld nie iets wat in die veld van hierdie studie bestryk gaan word nie. Hierdie studie wil bloot aantoon in welke mate Jesus ekstrinsieke veranderinge teweeg bring, hoe Hy dit predik en in welke mate Hy Sy Kerk daartoe aanspoor. Die oproep tot intrinsieke verandering wat behoort te kulmineer in ekstrinsieke verandering, soos in Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 vervat, kom van God Drie-Enig, waarvan Jesus deel is, en Hy wys juis, met elke optrede hier op aarde, hoe en waarom daar verander moet word. Vervolgens sal daar kortliks nader ondersoek ingestel word na die interessante en dikwels oorspronklike wyses waarop Jesus 'n mens dit op die hart wou druk dat Christene gedurigdeur moet **verander** – dit dan intrinsiek sowel as ekstrinsiek.

Dat Jesus, menslik gesproke, groot veranderinge (dit sowel intrinsiek as ekstrinsiek en onder verskillende mense – PF) teweeg gebring het, is nie te betwyfel nie. Hy maak vele uitsprake waarin Hy daarop wys dat intrinsieke verandering van denke en ekstrinsiek verandering van optrede en gedrag, gedurigdeur by mense moet plaasvind. Rao (2001: 16) wys daarop dat Jesus dikwels gesê het: "Julle het gehoor dat daar gesê is, maar..." (onder meer in Matteus 5:43), en dat Jesus dan kom met wat werklik veronderstel is om te wees en gedoen moet word, wat verandering en vernuwing van denke geïmpliseer het. Hoewel die verandering met die denke (intrinsiek) begin het, moes hoe nou nuut gedink word tog neerslag vind in hoe geleef en opgetree word. Dié woorde van Jesus het, volgens Rao, áltyd 'n verandering aan die mense óm Hom se paradigmas vir en

persepsies oor God, Homself en Sy werk, asook 'n verandering aan die interpretasie en uitleef van die Wet, voorafgegaan. Willers (2009: 1) gaan so ver as om te sê dat Jesus, wat die Waarheid en die Lewe is, dié grootste eksponent vir verandering (intrinsieke verandering wat sigbaar moes word in 'n nuwe lewensgedrag – PF) was in die wêreld waarin Hy geleef het, en dat Hy dié titel selfs hou vir die wêreld waarin óns vandag leef.

Cooke (1999: 153) wys op sy beurt daarop dat Jesus Sy dissipels, maar deur húlle ook alle ander mense, gedurigdeur voor die uitdaging van verandering (intrinsiek sowel as ekstrinsiek –PF) gestel het met wat Hy hulle geleer het. Trouens, die Evangelieskrywers soos Matteus en Markus teken die apostels eintlik as "opponente" van Jesus (Van der Watt, 2003: 628). Hy beredeneer dié stelling verder deur daarop te wys dat die apostels aanvanklik nie regtig verstaan het wat Jesus bedoel het nie en dat hulle deurentyd verkeerde afleidings gemaak het. Eers ná Jesus se kruisiging, sterwe en opstanding uit die dood het mense regtig begin verstaan Wie en wat Hy werklik is en, belangriker nóg, wat Hy alles vir ons kom doen het. Daarom was dit eintlik nodig dat die apostels, ironies genoeg, eers ná Sy opstanding hul grootste kopskuif nóg (intrinsieke verandering) oor Jesus as die Messias moes maak.

Die Fariseërs, daarenteen, het hul eie idee gehad van wie en wat die Messias moes wees en veral van wat Hy alles vir hulle moes doen, met die gevolg dat hulle nie vir Jesus as die Messias kon of wou aanvaar nie. Hy het, volgens hulle, byna geen ooreenkoms vertoon met die beeld wat húlle van die Messias gehad het nie. Dié beeld van die Messias wat die Jode, en daarom ook die Fariseërs, gehad het, is ná die uitsterf van die profesie gevorm (Bavinck, 1976: 223). Wat hulle betref, het hulle die Wet gehad wat hulle tot saligheid kon bring, maar hulle het wél 'n verlosser op aardse vlak nodig gehad wat hulle weer 'n wêreldmag sou help word. Die beeld wat hulle van die Messias gehad het, is dus bloot tot 'n politieke persoon – 'n méns – gereduseer.

Hierdie afgewaterde en vooropgestelde idee wat die Fariseërs en die meeste Jode van Hom gehad het, het Jesus egter geensins gestuit in sy pogings om hul idee van en denke oor Hom te verander nie. Dít het Hy veral probeer doen deur van die Joodse tradisie af wég en na die Skrif terug te gaan (Bavinck, 1976: 224). Die twee groot sake waaroor Jesus mense ook wou bring om nuut te dink en hul idees te verander, raak die Tora en die tempel. Die lewe en dood van Jesus het naamlik die betekenis van die Tora en die tempel kom verander in dié sin dat dié twee instellings nie opgehef is nie, maar oortref is (Pesch, 2001: 1 774).

Jesus het dikwels reëlreg ánders opgetree as wat die algemeen aanvaarde optrede vir Jode in Sy tyd op aarde veronderstel het. Só was dit byvoorbeeld ongehoord dat die Jode destyds met mense soos die Samaritane of met hoere en tollenaars sou meng. Die Samaritane en Jode het glad nie met mekaar omgegaan nie, soos gesien word uit onder meer Johannes 3:9, en toe Jesus by Saggeus die tollenaar se huis ingegaan het, het almal (volgens Lukas 19:7) daaroor beswaar gemaak. In sulke mense se huise het geen Jood ooit sy voet gesit nie. Jesus het egter dié vooroordeel die nek kom omdraai, en daarmee geleer: **verander** jul denke en soek **juis** die "siek en verlore mense" op! Hier dink mens byvoorbeeld aan hoe Jesus die Fariseërs daarop gewys het dat Hy nie gekom het om dié wat gesond is, op te soek nie, maar om dié wat siek is, te genees (ook dié wat geestelik siek en verlore is) (Lukas 5:31). Hierdie opdrag is reeds 'n groot beweegrede waarom mense hul denke moet vernuwe en verander (intrinsiek verander), en dit sou neerslag moes vind in praktiese uitleef van liefde teenoor mense wat selfs as iemand se vyand geag word. Uit die Fariseërs se hoek beskou, het Jesus álles uitgedaag waarvoor hulle gestaan het (Ladd, 1979: 365). Volgens laasgenoemde skrywer het Jesus dít "reggekry" deurdat Hy die Wet sou oortree het, met verkeerde mense sou gemeng het en Homself boonop as goddelik sou voorgedoen het.

Daar kan met veiligheid afgelei word dat Jesus se optrede en leringe daarop afgestem was om mense **in te lig** en rondom verandering en vernuwing van denke **toe te rus**. Hierdie toerusting rondom verandering en denkevernuwing het veral gesentreer om mense se denke oor en houding jeens almal om hulle (hoor daarin intrinsieke asook ekstrinsieke verandering – PF), asook om die feit dat liefde vir selfs die vyand deel van elke kind van God se lewe moet uitmaak. Tradisionele beskouings van tollenaars, prostitute, Samaritane en melaatses is deur die wyse waarop Jesus diesulkes benader het, op die kop gekeer. Só het Hy aangedui dat mense se gesindheid in lyn moes kom met die volle betekenis van die Wet, naamlik dat gelowiges mekaar en almal óm hulle in liefde moet bystaan en ondersteun.

In wat in Jesus se leer en optrede rondom verandering soos kortliks hierbo weergegee is, na vore kom, het dit nogeens na vore gekom dat verandering sowel intrinsiek as ekstrinsiek belangrik was. Dit het verder na vore gekom dat die regte hantering en implementering van ekstrinsieke verandering, volg op intrinsieke verandering. Dink nuut en kry die hart in lyn met die Skrif en dit moet in die lewe, optrede en houding van die gelowige sigbaar word.

## 3.6 Gevolgtrekkings

Tydens die studie wat onderneem is om die moontlike redes te bepaal waarom die opdrag tot **verandering** en **vernuwing van gedagtes** spesifiek aan die gemeentes in Rome en Efese gegee is, is bevind dat Paulus gelowiges aldaar opgeroep het om hul nuut-wees-in-Christus voluit uit te lééf. Onder lidmate in dié gemeentes aan wie die briewe oorspronklik gerig was, was daar dus sake wat nog nie met hul nuut-wees-in-Christus gestrook het nie. Om dié rede moes hulle enige gedrag aflê wat uit hul ou, sondige natuur spruit, en geestelik bly groei. Hier sou van intrinsieke verandering gepraat kon word.

Dit is dan ook nie toevallig dat Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 aangetref word binne dié gedeeltes van die briewe waarin die dankbaarheidslewe van Christene beskryf word nie. Hulle was

immers geestelik núwe mense, en hul leefstyl moes nou daarvan begin getuig. Dit moes in werklikheid in alle fasette van hul lewens begin manifesteer.

In albei hierdie briewe word die eenheid wat in die Kerk van die Here en daarom in elke gemeente behoort te heers, sterk beklemtoon. Hierdie eenheid van die Kerk moes inderwaarheid gekoester geword het, en waar lidmate se denkwyses en/of optrede dié eenheid bedreig het, moes hul denke en harte onder leiding van die Heilige Gees vernuwe en verander word. Dit dui op intrinsieke verandering wat nodig was. Die feit dat albei die gemeentes van Rome en Efese (asook ander gemeentes aan wie die brief Efesiërs gerig was) uit Christene bestaan het wat eers óf Jode óf heidene was, mog nie aanleiding tot verdeeldheid gegee het nie. Albei groepe se kerstening was immers enkel en alleen te danke aan die werk van Jesus Christus en aan die inwerking van die Heilige Gees. Hulle moes mekaar in liefde ondersteun, en enige sonde wat verdeeldheid kon veroorsaak, moes vermy word. Hier word daarom 'n bepaalde nuwe benadering tot die hantering van die ekstrinsieke verandering waaraan die gelowiges blootgestel was, veronderstel wat op die intrinsieke verandering hoort te volg. Dat daar oor adiafora-sake verskille kon bestaan, was aanvaar, maar dit mog nie die onderlinge eenheid versteur het nie. Weerstand teen intrinsieke asook ekstrinsieke verandering mog gevolglik nie geduld word nie en die feit dat verandering dalk 'n groot impak kon hê, mog die verandering nie gestuit het nie.

Hierbenewens gee beide briewe baie aandag aan hoe Christene in dié wêreld, met al sy bedreiginge, heidense gebruike en afgode, moes leef. Veral in die stad Efese is die gelowiges wat eers heidene was, gewaarsku om in hul denke nuut te word en versigtig te wees vir die Hellenistiese invloede soos toorkuns, misterie, astrologie en kultusse. Die nuwe denke (intrinsieke verandering –PF) moes daarom in hulle nuwe lewenswyse en hantering van sake waarvoor

hulle te staan gekom het, bepaal (wat insluit die regte benadering en hantering van ekstrinsieke verandering –PF).

Ten einde as gelowige in diens van God te kon leef, moes die ou lewe, met al sy sondige praktyke, afgelê word, en moes daar in die geheel nuut gedink word. Dié lewensverandering moes allesomvattend wees, en daar kon nie steeds aan ou, sondige praktyke vasgeklou word nie. Tradisies moes, in die lig van God se Woord, aangepas of selfs uitfaseer word. Groei op morele vlak, asook wat die moraal betref, moes onder leiding van die Heilige Gees steeds die nodige aandag kry, sodat die gemeentes voluit kon wees wat hulle in Jesus moes word. Ekstrinsieke veranderinge moes op Bybelse waarheid en beginsels geskoei wees.

Dit blyk duidelik uit die lewens van dié Bybelse figure wat ondersoek is dat sowel intrinsieke as persoonlike ekstrinsieke verandering 'n gegewe was en 'n **impak** op sowel hul denke as hul lewensverloop gehad het, asook dat God in elke geval die verandering bewerk het, om dit tot voordeel nie alleen van die persoon self en van almal óm hom nie, maar ook tot voordeel van Sy koninkryk aan te wend.

Hierbenewens het die studie tot dusver aan die lig gebring dat daar by sommige van hierdie mense wél **weerstand** was, maar dat God telkens volstaan het by al die besluite wat Hy ter vernuwing van hul lewens geneem het. Verder is dit ook interessant om daarop te let dat God nie eers aan hierdie mense ruimte gun om oor die vereiste veranderinge (dit geld intrinsieke sowel as ekstrinsieke verandering –PF) te besin nie, maar dat Hy in elke geval onverwylde, daadkragtige en ferme optrede vereis. Hy het wél in Sy groot genade geduld getoon met diégene wat aanvanklik huiwerig of opstandig was en, in die geval Jona, selfs end-uit groot mededoë betoon. God het egter in Sy roeping van hierdie mense toegesien dat hulle wél **toegerus** was om ondanks groot omwentelinge steeds hul werk te kon doen en hul missies te voltooi.

Verder blyk dit duidelik uit die onderskeie lewensverhale dat die intrinsieke en/of persoonlike ekstrinsieke veranderinge wat by elke

persoon teweeggebring is, niks anders as die werk van God deur die Heilige Gees kon wees nie. Daarmee saam is positiewe resultate altyd ná die veranderinge bespeur mits daar in gehoorsaamheid gedoen is wat God vereis het. Hieruit is beslis 'n waardevolle les te leer in gevalle waar die Kerk van die Here of Sy gemeentes ekstrinsieke veranderinge wil of moet aanpak, naamlik dat dit gerade is om in dié veranderinge aan God gehoorsaam te bly en om ál die veranderinge op Sy Woord te begrond. Eers dán kan mens, gemeente en Kerk voluit op Sy seën en hulp reken, en sal die goeie vrugte ook nie uitbly nie.

Iets wat sterk uit die lewe en werk van Jesus Christus na vore kom, is dat Hy die wêreld se grootste Agent vir en Bemiddelaar van verandering was en is, en dat die veranderinge wat Hy vereis, gewoonlik dáárom wentel dat gelowiges nuut moet dink oor mense wat eens hul vyande was, asook oor hoe daar teenoor hul naaste opgetree moet word. Hierin word die twee kante van verandering weer gehoor, naamlik intrinsieke verandering wat ekstrinsieke verandering tot gevolg het.

Voorts word dit uit Jesus se lewe en werk duidelik dat die Wet nuut uitgeleef moet word. Al Jesus se tydgenote, hetsy vriend of vyand, was diep onder die indruk daarvan dat Sy koms radikale hervorming van byna alles en almal meegebring het, soos 'n mens so duidelik hoor in Handelinge 6:14, wat lui: "Ons het hom hoor sê dat hierdie Jesus van Nasaret die tempel sal afbreek en die voorskrifte wat Moses vir ons gegee het, sal verander." Jesus het ook duidelik laat blyk dat die wyse waarop die Jode oor die Messias gedink het, vernuwe moes word. Dit is dan ook geen wonder nie dat sowel die Romeinse as Joodse gesag van Sy tyd Hom as anargis gebrandmerk het. Kortom, Jesus het, net soos vir elke ander faset van ons lewens, ook vir ons kom voor leef hoe om sonder vrees vir die gevolge en met net die moed van ons oortuiging die hele wêreld aan te vat. Hy het, in sy hantering van verandering en met die vernuwing wat Hy teweeggebring het, die argetipe geword van hoe

óns verandering moet hanteer en bewerkstellig. Lees 'n mens boonop wat daar in Johannes 21:25 oor Jesus geskryf staan, kom jy nogmaals onder die besef van die stille dog onstuitbare Revolusie wat Jesus hier op aarde ontketen het: "Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie."

Intrinsieke verandering waarin en waardeur ekstrinsieke verandering wat op die lewenspad hanteer moes word, is dus die beslissende woord in die lewens van dié handvol Bybelse figure. Dit word egter gou duidelik dat wanneer die nooddruf tot verandering en vernuwing ook al gevoel is, die nodige ekstrinsieke veranderings slegs biddend tot en in diepe afhanklikheid van die Heilige Gees gemaak kon word, sodat God bó alles gehoorsaam kon word.

'n Laaste opmerking wat hier gestel kan word en wat die studie wat in die hoofstuk weergegee is, na vore bring is: nuwe denke en hartsverandering, sal meehelp om veranderde omstandighede waarmee gelowiges gekonfronteer mag word, reg en tot eer van God en voordeel van die medemens te hanteer. Dat toerusting daartoe wel 'n rol het, het na vore gekom in hoe Moses tydens sy roeping deur God benader is en in Jesus se onderrig en hantering van sake wat die Fariseërs en Jode in die algemeen diep laat frons het.

Gebaseer op die bevindinge van hoofstuk 2 en 3 gaan daar vervolgens in hoofstuk 4 op die volgende aspekte gefokus word:

- Omsigtigheid by die aanpak van verandering.
- Noodsaak vir verandering.
- Bestaande programme vir verandering binne die Teologiese vakgebied.
- Weerstand teen verandering in Kerklike kringe.